

Ek glo Here...
Kom my ongeloof te hulp!

**Ons geloof in Jesus Christus is nie op
sand gebou nie.**

Thys Maree

1994

Inhoudsopgawe

Inleiding.....	3
Die skepping.....	7
Die Skrif.....	22
Die liefde van 'n medemens.....	34
Die hoop van die evangelie.....	39
Die Heilige Gees.....	43
Die reaksie van die mens.....	46
BIBLIOGRAFIE.....	54

Ek glo Here... Kom my ongeloof te hulp!

Inleiding

Die fundamente van die geloof in Jesus Christus

Die Oxford Dictionary beskryf geloof as: " 'n Vertroue in 'n goddelike feit sonder enige bewyse." Hoe algemeen is hierdie siening nie vandag dat ons maar sonder enige bewyse moet glo!

Geloof word werklik verskraal as ons dit sou beperk tot die hoop wat ons het. Natuurlik is die hoop daar - anders sou daar tog geen geloof kon wees nie, maar geloof reik net soveel na die verlede as na die toekoms. Reik net soveel na God as na ons huidige situasie en lewe.

Wat sê die Bybel oor geloof?

Paulus se bekende hoofstuk oor die liefde sluit af met:

"En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde." (I Kor 13:13)

Hierdie gedeelte dui daarop dat die geloof nie alleen bestaan nie. Alleen saam met die hoop en die liefde kry dit gestalte en betekenis. Paulus skryf ook in Galasiërs soos volg.

Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word. In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot daad oorgaan." (Gal 5:5,6)

In die brief aan die Romeine staan daar: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat 'n mens hoor, is die verkondiging van Christus." (Rom 10:17)

Die bekende hoofstuk oor geloof begin soos volg:

"Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie kan sien nie." (Hebr 11:1)

Verder:

"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek beloon." (Hebr 11:6)

Die Heidelbergse kategimes beskryf geloof soos volg:

"Wat is 'n ware geloof?"

Antwoord:

'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan andere nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het." (Heidelbergse kategismus: Sondag 7 vraag 21)

Die geloof hang dus ten nouste saam met die liefde, genade, hoop, die werking van die Heilige Gees, die prediking van die evangelie, die doen van God se wil in gehoorsaamheid en daad wat voortspruit uit liefde.

Om te toon dat die algemene siening dat geloof slegs iets vir die toekoms is, en nie genoegsaam is nie, is 'n model opgestel om iets van die proses te probeer weergee. Hierdie model rondom geloof is vanuit 'n menslike perspektief ontwikkel en probeer om op menslike vlak weer te gee hoe 'n persoon tot geloof in die drie enige God sou kom. Daarmee word nie gesê dat dit alomvattend sou wees nie. Die model probeer iets weergee van dat ons, ons geloof op 'n vaste rots kan bou, dat ons bewustelik kan weet waarop ons geloof gebou is en dat geloof ook 'n aksie van ons vra. As daar geen vrug op die geloof is nie is daar ook geen geloof nie. (Jak 2:17)

Die geloof staan op vaste fundamente

Alhoewel geloof 'n vaste vertrou is op dit wat ons nie kan sien nie, was God die mens tog genadig gewees deur vir hom genoeg rede of bewyse te gee dat God vertrou kan word.

Dawid stel dit soos volg:

"Die hemel getuig van die mag van God" (Ps 19:2)

"Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe." (Ps 19:8)

"Here, my Rots en my Verlosser." (Ps 19:15)

Soos Psalm 19 se struktuur aandui verwag God nie van ons om te glo sonder enige gronde nie. Hierdie beginsel staan lynreg teenoor baie se siening: "Dat ons geloof slegs gegrond is op 'n innerlike oortuiging van die teenwoordigheid van God, 'n morele reaksie op sy alomteenwoordigheid, aangespoor deur ons gewete."

Jesus se uitsprake oor sy eie getuienis:

In Jesus se gesprek met die Jode oor sy eie getuienis gee Hy self 'n aantal redes waarom hulle in Hom kon glo.

"Daar is Iemand anders wat oor My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy oor my aflê, waar is." (Joh 5:32)

Jesus weet egter dat die Jode dit nie sal verstaan en daarom vervolg Hy:

"Julle het 'n afvaardiging na Johannes gestuur, en wat hy getuig is die waarheid." (Joh 5:33)

"Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het." (Joh 5:36)

"En My Vader wat My gestuur het, het oor My getuienis afgelê" (Joh 5:37)

"Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig." (Joh 5:39)

Jesus brei dan ook verder op die Skrif uit deur te toon dat

"Maar as julle nie sy (Moses se) geskifte glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" (Joh 5:47)

Later, wanneer Jesus met sy dissipels gesels oor sy hemelvaart, kom dit weer uit dat Jesus nie van ons verwag om alles sondermeer te glo nie.

"En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo as dit gebeur." (Joh 14:29)

Johannes se uitsprake:

Johannes beklemtoon ook die gedagte, wanneer hy oor Tomas se ongeloof oor Jesus se opstanding uit die dood skryf: "Daarna sê Hy (Jesus) vir Tomas: 'Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand hier en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.' ... Glo jy nou omdat jy sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo." (Joh 20:27,29)

Onmiddelik hierna vervolg Johannes egter hoekom hy hierdie insident aangehaal het.

"Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskryf is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê" (Joh 20:30,31)

Petrus se uitsprake:

"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe." (I Petr 3:15)

"Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien." (II Petr 1:3)

"En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsamheid, die deugsamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding deur godsvrug, die godsvrug met liefde onder

mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense." (II Petr 1:6,7)

Paulus se uitsprake:

Wanneer Paulus aan die Korinthiërs oor die opstanding skryf begin hy sy argument deur eerstens die feitlike bewyse van Jesus se opstanding te gee.

"Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. Heel laaste het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn" (I Kor 15:4-8)

Rom 1 herhaal dieselfde gedagte:

"Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie." (Rom 1:19,20)

Ons geloof is nie op sand gebou nie.

Dit is duidelik dat God 'n regverdige God is, dat Hy nie van die mens verwag om sy geloof op sand te bou nie (Matt 7:24) en dat Hy alles vir die mens gegee het om te kan glo.

Hoeveel keer verwag ons, as Jesus se kerk op aarde, van die wêreld om te glo sonder dat ons self ten volle oortuig is. Ons verwag dat mense tot geloof sal kom sonder dat ons vir hulle die geloofwaardigheid van die Skrif kan aandui. Hoe kan enigeen glo dat Christus die dood oorwin het en opgestaan het as daar soveel "foute" in die Skrif is? As ons nie ten volle kan glo dat God die heelal geskep het nie, hoe kan ons glo dat ons in Jesus herskep kan word? Dat ons saam met Jesus sal opstaan tot die ewige lewe?

Paulus verklaar:

En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes...As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense." (I Kor 15:17,19) "

Ons hoop op 'n nuwe lewe saam met God in Christus Jesus, is dus ten nouste verbind met dit wat onbetwisbaar reeds plaasgevind het. Daarom moet, maar kan ons ook, ons verantwoord voor die wêreld se vrae.

Om op te som: Die geloof word gevoed uit

dit wat ons in die skepping van God sien,

uit die heilige Skrif,


deur die hoop wat die evangelie van Jesus Christus vir my bied,

die christelike liefde van gelowiges wat toon dat God lewe en

dan natuurlik deur God self wat die begin en die einde van alles is.


Dit is egter nog steeds nie geloof nie. Geloof vra ook 'n reaksie van die mens se kant. As daar geen reaksie is nie is daar geen geloof nie. Jakobus vergelyk 'n persoon wie se werke nie van sy geloof getuig nie met 'n mens wat nie asem haal nie - dus 'n lyk! (Jak 2:26)

Vervolgens sal daar op elkeen van hierdie punte gelet word. Daar sal meer aandag gegee word aan God se algemene openbaring in die skepping en die betroubaarheid van die Skrif as die Woord van God. Oor die ander sake sal hier net kortliks na verwys word.



Ek glo Here... Kom my ongelooft te hulp!

Die skepping



Kan God vandag nog in die skepping gesien word?

Het ons wetenskap al so vêr gevorder dat ons alles om ons kan verklaar. Het die misterie van die skepping verdwyn om plek te maak vir die meganistiese evolusionêre ontstaansgeskiedenis van die heelal? Ongelukkig is dit presies wat die sekulêre wetenskap vandag leer. Weinig voorgeskrewe handboeke aan ons skole en tersiêre inrigtings laat nog enige ruimte vir 'n goddelike skepping van ons heelal en die lewe wat ons ken.

Om hierdie saak te belig sal daar na die ontwikkeling van die mens se kosmologiese siening gekyk word. Dit is van belang omdat dit daaruit duidelik sal blyk waarom vandag se mens glo wat hy glo. Ook op die gebied van die wetenskap is ons toekoms opgesluit in ons verlede. Die nuutste wetenskaplike bevindings sal dan behandel word om uiteindelik die vraag te beantwoord of daar nog plek vir 'n skeppende God in die natuur is.

Indien ons nie positief op hierdie vraag kan antwoord nie, sal geen redelike mens tog kan glo in 'n God wat Hom met die mens sou wou bemoei nie. Vir elke christen vandag is dit 'n kritiese vraag om sy eie geloof te kan uitlewe maar ook om die evangelie op 'n oortuigende wyse aan 'n ongelowige wêreld uit te dra.

Die geskiedenis van die moderne kosmologie.

Kosmologie is die studie van die heelal as geheel, sy struktuur, oorsprong en ontwikkeling. Kosmologie het nog altyd die mens se verbeelding aangegryp. Reeds so lank as 5000 tot 6000 jaar gelede het van die Chinese, Egiptiese en Mesopotamiese geskifte reeds hierdie onderwerp as tema gehad.

Die Chinese het die wêreld gesien as 'n vierkant met China in die middel. Die sterre was 'n kappie met vier kante met die poolster as die middelpunt. Die son en maan was gode met sekere ewigheidseienskappe.

In Egipte was die aarde weer beskou as 'n vierkantige fondasie vir die heelal. 'n Godin se

hande en voete het op die vier hoeke van die aarde gerus, terwyl die son en maan as gode oor haar lyf gegly het. Die Melkweg was die tweelinggod van die Nyrlivier.

Die Mesopotaniërs het die aarde beskryf as 'n vlottende vaartuig op die "see van die dieptes". Bo die aarde was 'n soliede koepel, oordek met die waters oor die aarde waardeur daar somtyds water (reën) gesypel het. Die son, maan en sterre was gode wat die skeppers van die heelal was.

Wat belangrik is, is dat in al hierdie modelle die heelal gesien was as begrens in tyd en ruimte. Almal het aanvaar dat daar buite hierdie heelal nog bestaanreg was en sommige gode dan verantwoordelik sou wees vir die skepping van die fisiese heelal met sy lewende plante, diere en die mens self.

In die eeue hierna het in Indië die eerste siening ontstaan wat radikaal met die voriges verskil het. Hul het wel geglo in die bestaan van die gode, maar die gode het hul ontstaan gehad na die heelal reeds gevorm was. Volgens hulle het die heelal deur 'n oneindige aantal siklusse gegaan. Aan die einde van elke siklus het al die materie "opgelos in die basiese, rein water van die ewigheid", waaruit alles weer verrys het. Hierdie eeu oue hipotese is die vader van die moderne model vir 'n ossilerende heelal - selfs wat die periode van etlike miljarde van jare betref. (Ross, 1987 : 11)

Die Jains en Mimamsa skole van kosmologie het weer geglo dat die heelal weer ewig is en onveranderlik. Hierdie teorie het weer die moderne vaste toestand teorie voorafgegaan.

So het byna alle volke het hul teorieë gehad oor die vorming van die heelal.

Die Griekse kosmologie

Die eerste wetenskaplike bydrae tot die verstaan van die struktuur van die heelal het gekom van die Ioniër Thales in die sewende eeu voor Christus. Hy het opgemerk dat in Griekeland die "Big Dipper" in die Ursa Major konstellasie nooit onder die horison verdwyn nie, maar wel in Egipte. Een van sy leerlinge, Anaximander, het hieruit tot die gevolgtrekking gekom dat die aarde 'n sfeer moet wees wat dryf in 'n sferiese see van sterre.

Aristarchus het, in die vierde eeu voor Christus, selfs die grootte en afstande van die son en die maan relatief tot dié van die aarde bereken. Dit het hy gedoen deur tydens die eerste en die derde kwartier van die maan die hoek tussen die son, aarde en maan te meet. Ook het hy gelet op die skaduwee van die aarde op die maan tydens 'n gedeeltelike maansverduistering. Alhoewel sy meting van die son 20 keer te klein was, was dit nogtans duidelik dat die son baie groter as die aarde was en dat die son, en nie die aarde nie, die middelpunt van die heelal moes wees. Omdat hy weens die oënskynlike bewegingloosheid van die sterre geen parallaks metings t.o.v. hul kon doen nie, het hy ook besef dat die sterre ten minste miljoene kilometers vër moes wees. Deur middel van hierdie eenvoudige metings het Aristarchus 'n merkwaardige korrekte model vir die sonnestelsel en die sigbare sterre voorgestel.

In die derde eeu voor Christus het Eratosthenes die relatiewe afstande omgesit in werklike afstande en groottes. Hy het in 'n geskrif gemerk dat iemand skryf dat op 21 Junie, die langste dag in die noordelike halfmond, die son om twaalfuur geen skaduwee in Syene in die suide van Egipte maak nie. Deur 'n eksperiment het hy gesien dat die son wel 'n skauwee van omtrent 7 grade op dieselfde tyd van die jaar in Alexandria gooi. 7 Grade is ongeveer 1/50 van die omtrek van 'n volledige sirkel. Sou hy dus die afstand tussen Alexandria en Syene meet kan hy dit met 50 vermenigvuldig om die omtrek van die aarde te kry. Om die afstand te meet het Eratosthenes iemand gehuur om die afstand af te tree! Dit was ongeveer 800km. 800 km Vermenigvuldig met 50 gee 40 000 km vir die omtrek van die aarde. Hierdie omtrek was binne 'n paar persent korrek!

Plato en Aristotle

'n Nuwe denkrigting het die wetenskaplike basis vir ondersoek ondergrawe. Plato en ander het in die vierde eeu voor Christus geredeneer dat die sigbare wêreld van minder belang is en het die filosofie van beredenering van idees en probleme aangehang. (Vergelyk bv. Hand 17:21 "Die Atheners in die algemeen en die uitlanders wat daar gewoon het, het hulle tyd aan niks anders bestee as om iets nuuts te sê of te hoor nie.") Aristotle het o.a. geredeneer dat enige beweging van die aarde noodwendig na die middel van die heelal moes wees. Sou dit gebeur sou ons dit al waargeneem het en daarom, het hy gesê, is dit duidelik dat die

aarde stilstaan.

Die Ortodokse en Rooms-katolieke kerk se standpunte

Die Ortodokse en Roomse kerk het geleer dat geloof kennis voorafgaan en dat hierdie geloof en oortuigings alleen deur bemiddeling van die kerk tot stand kan kom. Ironies - dit is in teenstelling met wat die Bybel ons leer. Jesus het bv. self gesê:

"En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo as dit gebeur." (Joh 14 : 29)

Weens die ooreenkoms tussen die kerke se dogma en die standpunte van die filosofe het die twee betrokke kerke Aristotelle se model vir die heelal aanvaar as kerklike dogma.

Die wetenskaplike kosmologiese fondasie wat deur die Griekse sterrekundiges gelê is, is byna geheel en al uitgewis deur laasgenoemde standpunte. Hierdie anti-wetenskaplike houding wat deur Plato en die Roomse en Ortodokse kerk geskep is, was so oorweldigend dat daar geen noemenswaardige vordering met enige sterrekundige navorsing gemaak is tot en met die 15de eeu n.C. nie.

Die hergeboorte van die wetenskap

Teen die 13de eeu n.C. het Moslems die wiskunde vauit Indië na Europa ingevoer. Dit het ingesluit trigonometrie, algebra en die telwyse vanaf nul en nie vanaf een nie. Gutenberg vind in 1456 die drukpers uit en reeds in een generasie word daar nou skielik 40 000 werke gepubliseer. Hierdie beskikbaarheid van literatuur het 'n honger na inligting gesneller wat vandag nog voortduur.

Nicolas Copernicus (1473 - 1543) was een van die persone wat deur hierdie geskifte beïnvloed is. Hy het sterk die stelsel wat deur Ptolemy ontwikkel is en waarvolgens die planeete en die son om die aarde in veelvuldige sou sirkels beweeg, betwyfel. Deur die herontdekking van die werke van die ou Griekse sterrekundiges en deurdat hy geglo het dat Ptolemy se model onwaardig vir die Skepper sou wees, het hy voorgestel dat die son die middelpunt van die heelal behoort te wees. By dit het hy ook, deur verwerking van die beskikbare sterrekundige data, aangetoon dat 'n planeet se omwentelingspoed toeneem hoe nader dit aan die son kom.

Copernicus het sy bevindinge te boek gestel ongeveer in 1530. Dit was in die tyd dat die kerkhervorming begin momentum kry het en weens sy vrees vir wat die gevolge van die boek mag wees is sy heliosentriese teorie (dat die son die middelpunt van die heelal is) eers in 1540 na sy dood gepubliseer.

Copernicus se stelsel kon steeds nie baie akkuraat die bewegings van die planeete voorspel nie, maar waarskynlik weens die elegansie van sy teorie is dit wyd aanvaar. Ten minste was die son nou gestel as die middelpunt van die heelal.

Galileo (1564-1642) kan beskou word as die vader van die eksperimentele wetenskap. Hy het hom die gramskap van die Katolieke kerk op die hals gehaal deur bewyse van observasies na vore te bring wat Copernicus se heliosentriese teorie ondersteun het. Wat die kerk die meeste gegrief het is dat Galileo, as 'n leek op die kerklike terrein, gedurf het om die kerklike leer in twyfel te trek. Galileo het geglo dat die Bybel korrek en waar is. Sy kritiek was gerig op die manier waarop die kerk die Bybel geïnterpreteer het. Galileo stel sy standpunt rondom die verklaring van die Bybel soos volg:

"Die heilige Skrif kan nie fouteer en die bepalinge daarin vervat is absoluut waar en onverbreekbaar. Maar ... sy uitleggers en verklaarders is skuldig om in vele opsigte te fouteer; en een fout wat in die besonder gevaarlik sou wees, en wat dan ook gereeld sou voorkom, is as ons kort duskant die letterlike betekenis van die woorde sou stop." (Ross, 1989 : 20)

Hier het hy o.a. verwys na Ps 93:1, Ps 104:5 en Prediker 1:4-5 waar die gedeeltes almal verwys na die onbeweeglikheid van die aarde. Galileo het aangetoon dat al sou die aarde ook in watter rigting beweeg, vir iemand met 'n aardsgebonde verwysingsraamwerk die aarde altyd onbeweeglik sal bly. Hierdie Skrifgedeeltes praat vanuit 'n aardsgebonde verwysingsraamwerk. Galileo het dit benadruk dat dit essensieel is dat die verwysingsraamwerk vir enige wetenskaplike eksperiment of eksperiment van enige gedeelte eers bepaal moet word voordat enige interpretasies gedoen kan word. Ons almal glo bv. vandag dat die aarde om die son wentel. Tog, as ons stil sit om 'n boek te lees dan sê ons ons sit stil

- ons sit nie teen 30 km per sekonde nie! Hoekom nie? Omdat ons verwysing die aarde en nie die son is nie!

Galileo se werke oor die heliosentriese heelal is deur die Katolieke kerk verbied tot 1835 terwyl die kerk hom nie amptelik vergewe het tot so onlangs as 1981 nie.

Sterrekundige navorsing deur waarneming is hergebore onder die leiding van Tycho Brahe (1546 - 1601), wat sy hele volwasse lewe daaraan gewy het om presiese metings te doen van die posisie van die sterre en die planete. Uit sy metings was dit duidelik dat nié Ptolemy òf Copernicus se teorieë korrek was nie, maar hy kon nie die probleem self oplos nie. Om hom hierin by te staan het hy o.a. vir Johannes Kepler (1571 - 1630) as wiskundige gehuur.

Deur gebruik te maak van Tycho se sorgvuldige data het Kepler sy drie wette oor die beweging van planete uitgewerk. Sy werk, "Astronomia Nova" word in 1604 geplaas en waarin hy sy twee wette rakende die beweging van planete om die son uiteensit. Hierdie werk was besonder gevorderd en hy het in een paragraaf byna die wet van wedersydse aantrekking geformuleer. (Seeds, 1985 : 47) Hierdie wette van Kepler het wel vir Newton (1642 - 1727) in staat gestel om sy wette van beweging en swaartekrag te formuleer (Geisler en Anderson, 1987 : 50).

Waarnemings wat hierna op die sterrestelsels gedoen is het die akkuraatheid van die wette bevestig, maar meer nog, dit het aangetoon dat die heelal veel veel groter was as wat enige antieke sterrekundige ooit sou kon droom.

Die opkoms van die moderne naturalistiese benadering tot die ontstaan van die heelal

Die kosmologiese pioniers van die wetenskaplike revolusie (Copernicus, Galileo, Tycho, Kepler, Newton en andere) was almal toegewyde mense. Vir hulle was daar geen twyfel dat God nie net die heelal geskep het nie maar dat Hy dit steeds onderhou. In die middel van die 17e eeu was dit nie snaaks dat 'n persoon 'n pos as teoloog en as sterrekundige beklee het nie - veral in die Protestantse omgewing. In hierdie tyd is egter die eerste saadjies van die meganistiese evolusie gesaai wat later tot verwydering tussen die kerk en die wetenskap sou lei.

Een so 'n saadjie was die suggestie van Newton dat die heelal onbegrens is. Een van sy wette is dat elke partikel in die heelal 'n basiese aantrekkingskrag het tot al die ander. Die vraag was nou: Hoekom stort die heelal nie onder sy eie aantrekkingskrag in mekaar nie? Sy voorstel en oplossing hiervoor was dat die heelal oneindig groot moes wees. Newton self het egter onwrikbaar geglo in die konsep van God soos vervat in die Judaïstiese en Christelike leer. Hierdie geloof van hom was die bakermat waarop hy sy hele wetenskaplike ondersoek op gebou het. (Geisler en Anderson, 1987 : 51)

Die eerste ernstige uitdaging in die Weste tot die konsep van die goddelike skepping van die heelal het in 1734 gekom van die Sweedse mistikus, Emanuel Swedenborg. Sy verklaring vir die heelal het berus op 'n suiwer meganistiese evolusie waar sterre o.a. hulleself organiseer in 'n massiewe wentelende sisteem. (Ross, 1989 : 27)

Immanuel Kant (1724 - 1804) was beïndruk met Newton se swaartekragwette. Vir hom was dit 'n voorbeeld van 'n universele wet wat gegeld het vir die hele empiriese wêreld. So het dit vir Kant die ideaal geword om universele wette te ontdek waardeur 'n mens die hele heelal kon verstaan. (Geisler en Anderson, 1987 : 60) Kant se werk was so wyd aanvaar dat hy vandag beskou word as die vader van die moderne wetenskap.

In sy boek "Kritiek uit suiwer beredenering" en ander werke ontwikkel Kant sy teologie. Hy begin eerstens deur alle bestaande bewyse vir die bestaan van God van die tafel te vee. Dit sluit in die filosofiese bewyse van bv. Augustinus en Aquinas, maar ook die rasonale bewyse van Kepler, Newton, Lessing en Herder.

Sy mees direkte stelling is dat kennis slegs verkry kan word deur deur die menslike sintuie van sig, gehoor, smaak en reuk. Hieruit het hy dan 'n aantal afleidings gemaak nl.

dat 'n oorsaak nooit uit 'n gevolg bewys kan word nie,

dat die mens geen eie of aangebore idees kan hê nie en

dat geen bestaan of wese buite die dimensies van lengte, wydte, hoogte of tyd deur die mens ervaar kan word nie. (Ross, 1989 : 32)

Kant het ook alle absolutes verwerp, maar ironies genoeg het hy sy eie stelling en afleidings as absoluut voorgehou. Kant het enige bonatuurlike verskynsel onvoorwaardelik verwerp omrede hulle die moontlikheid insluit om ons grense van beredening te oorskry en daarom van geen teoretiese of praktiese nut is nie.

Kant het lank gewik en geweeg tussen twee gedagtes van, of die heelal 'n begin het en begrens is en, of die heelal geen begin en geen grense het nie. Later in sy lewe het hy aanvaar dat die heelal onbegrens is. Uit dit, en sy ander stellings het hy tot die gevolgtrekking gekom dat God se bestaan buite die bereik van die mens se kennis lê.

Kant self wou egter nie bekend staan as 'n ateïs nie. Hy het God gesien as 'n morele gesindheid in die mens wat die basis en interpreteerder sou wees van alle godsdienste.

Word Kant se stelling van nader beskou is dit duidelik dat hulle almal berus op die veronderstelling dat, indien God sou bestaan, Hy nie met die mens kan kommunikeer nie. Hierdie veronderstelling het Kant nooit verder op uitgebrei nie en vreemd genoeg het baie min mense dit bevraagteken. Die vraag is dus: Is 'n God wat wys en almagtig genoeg is om die heelal te kan skep, dan nie by magte om met die mens te kan kommunikeer nie?

Kant se teologie en kosmologie het tot en met 'n groot gedeelte van die 20ste eeu die denke van die dag oorheers. Vir die volgende tweehonderd jaar sou wetenskaplikes die kosmologie suiwer bedryf as 'n wetenskaplike dissipline met geen teologiese of filosofiese implikasies nie.

Ontwikkelinge in die meetinstrumente soos die teleskoop het oënskynlik Kant se gedagtes ondersteun. So ver as wat die mens in die ruimte kon sien het hy net nog sterrestelsels en galaksies ontdek. Newton se model vir 'n oneindige heelal het ook oorweldigende ondersteuning gehad. Newton se wette was bv. so akkuraat dat deur berekening Neptunes as planeet van ons sonnestelsel in 1846 ontdek is.

Soos wat die bewyse vir 'n oneindige heelal meer geword het, het dit nou meer as net die sterrekunde sienings beïnvloed. Hierdie veronderstellings het as basis gedien vir baie van die "ismes" wat vandag nog sterk staan. Die volgende is maar 'n paar voorbeelde van "ismes" wat ten volle of gedeeltelik deur Kant se gedagtes beïnvloed is:

Behaviorisme, eksistensialisme, Freudianisme,

humanisme, liberalisme, Marxisme,

neo Darwinisme, pragmatisme en relativisme. (Ross, 1989 : 38)

Die impak van Kant se stellings is nou gevoel in elke fase van die mens se samesyn en lewe.

Die impak op die geologie en die biologie

Aangespoor deur die sukses van Kant se teorieë op die sterrekunde het mense soos James Hutton en Charles Lyell daarna gestreef om soortgelyke wette te vind wat die oorsprong van die aarde sou kon verklaar. Die eindresultaat was dat wetenskaplikes gepostuleer het dat die oorsprong van die aarde deur uniformisme gekom het, en nie deur enige ingrypende gebeure nie. Daar het egter een area oorgebly waar daar nog geen natuurlike verklaring was vir die oorsprong daarvan nl. die biologiese lewensvorme. Daar was geglo dat dit net 'n kwessie van tyd was voordat daar wel vir hierdie probleem 'n oplossing sou kom. Die oplossing hiervoor het nie gou gekom nie. (Geisler en Anderson, 1987 : 71)

Vir Hutton (1726 - 1797) het 'n naturalistiese houding tot die wêreld ingesluit 'n geloof in die kontinuïteit van natuurlike prosesse. Met kontinuïteit het hy bedoel 'n ononderbroke ketting van fisiese gebeure wat teruggaan tot in die oneindige verlede. Deur te bou op 'n direkte parallel tussen die reëlmatige beweging van die sterre en planete het hy sy geologiese prosesse saamgestel. Deur die beginsel van uniformiteit of reëlmatigheid kon 'n mens die verlede benader met 'n redelike mate van sekerheid. (Geisler en Anderson, 1987 : 74)

Charles Lyell (1797 - 1875) het voortgebou op die werk van Hutton. Lyell het ook geglo in die kontinuïteit van die hede na die verlede maar het dit nie noodwendig gesien as 'n oneindige verlede nie. Hy het, net soos Hutton, geglo dat 'n Skepper nog steeds al die natuurwette daar kon stel. Desnieteenstaande die moontlikheid van 'n moontlike begin vir die wêreld, het hy sterk op sy beginsel vir kontinuïteit en uniformiteit gestaan.

Frans Bacon het in 1620 voorgestel dat daar 'n primêre bron en sekondêre bronne vir alle dinge was. Hutton, maar veral Lyell, het ten volle van hierdie beginsel gebruik gemaak.

Sodoende het baie wetenskaplikes erken dat daar 'n Skepper as primêre bron kon wees, maar hulle het hul veral bemoei met die sekondêre oorsake aangesien dit voortgevloei het uit die natuurwette wat daar gestel is. Lyell het dus in sy studie van die geologie die vraagstuk van die oorspronklike Skepper vir ander dissiplines gelaat. Hierdie beginsel is later ook in ander dissiplines toegepas. Dit het ook die voordeel gehad dat dit beide partye, dié wat glo in 'n Skepper en dié wat geglo het in 'n oneindige verlede kon akkommodeer. (Geisler en Anderson, 1987 : 78)

Die beginsels wat Lyell gestel het vir die geologie het Charles Darwin (1809 - 1882) geïmplementeer vir die geskiedenis van die ontwikkeling van die biologie. Hieruit is die bekende, moderne evolusieteorie gebore. Darwin het erken dat "ek altyd voel asof die helfte van my boeke uit die brein van Lyell kom." (Geisler en Anderson, 1987 : 82) Die beginsel van biologiese evolusie is egter baie ouer as Darwin. Die konsep dat die heelal uit niks geskep is, is bv. heeltemal afwesig by antieke kosmologiese verhale van die Babiloniers, Grieke, Egipte en Indië. (Morris, 1963 : 74)

Wat Darwin reg gekry het was om die leer van die biologiese evolusie kredietwaardigheid te gee deur dit te koppel aan die ontwikkeling op sterrekundige en geologiese gebiede. Darwin (en ook Alfred Wallace) het getoon dat die natuurlike beginsel van seleksie, wat waarneembaar is, verantwoordelik is vir die bestaan van alle spesies. Darwin het onwrikbaar in sy teorie geglo. Tog het hy erken dat die fyn gegradeerde ontwikkeling, soos wat sy teorie dit vereis, nie waarneembaar was in die fossielrekords nie. Die fossielrekords het eerder groot spronge aangedui maar Darwin het dit toegeskryf aan die onvolledige versameling van fossielrekords. (Geisler en Anderson, 1987 : 86)

Die wetenskap het dus op hierdie stadium die klem weg geskuif van die primêre bron van alle dinge na die sekondêre oorsake. Deur die mens se pre-okkupasie met die sekondêre faktore is die legimiteit van die primêre bron heeltemal betwyfel. Die klem het dus nou op die skepsel en die skepping geval en nie meer op die Skepper daarvan nie. Hierdie standpunt is vandag nog steeds op die voorgrond. Carel Sagan, wat bekend is vir sy televisiereekse, illustreer dit in sy boek "Kosmos" met sy heel eerste sin: "Die Kosmos is al wat daar is of was of sal wees." (Sagan, 1984 : 20) Let op dat "Kosmos" met 'n hoofletter gespel is!

Die wetenskap herontdek vir God

Deur die hele 19de eeu was die betroubaarheid van Newton se meganikawette en Maxwell se vergelykings vir elektromagnetisme so hoog geag dat wetenskaplikes geglo het dat hulle op alle vlakke van toepassing sou wees. Die meerderheid wetenskaplikes het gevoel dat al wat vir hul nageslag oorgebly het was om "die metings tot die volgende desimale punt te doen". Newton se model vir 'n oneindige heelal was asof in beton gegiet. Hierdie situasie het egter nie lank geduur nie.

Eerstens het Josef Stefan in 1879 en later Boltzmann onafhanklik van Stefan gevind dat 'n liggaam hitte teen alle golflengtes uitstraal en dat dit proporsioneel vermeerder met die vierde mag soos die temperatuur van die liggaam toeneem. Ook word uitgestraalde hitte in die algemeen geabsorbeer én uitgestraal deur die oppervlak van enige liggaam. Hierdie wet van termodinamika stel dus dat enige liggaam die temperatuur van sy omgewing na 'n tyd sal aanneem en daarna straal dit net soveel energie uit as wat dit ontvang. 'n Warm strykyster sal dus na gebruik, weer die temperatuur van sy omgewing aanneem en net so sal 'n voorwerp wat eers kouer as die omgewing was, ook die temperatuur van die omgewing aanneem.

Met 'n oneindige groot en ou heelal was die vraag nou: Hoekom was die naghemel dan nie ten volle verlig weens al die sterre nie? Daar moes dus materie in die heelal wees wat die lig van al die sterre kon absorbeer en sodoende te verhinder dat die naghemel net so skitterend as die dag was. Dit kon egter ook nie die antwoord wees nie. Omdat die sterre van ewigheid af daar was en die heelal oneindig groot was moes al die materie in die heelal al so verhit gewees het dat dit net so helder soos die sterre moes gloei het.

Tweedens het Johann Zöllner in 1871 gedemonstreer dat op enige punt in 'n oneidige groot heelal die gravitasie potensiaal oneindig groot sou wees. Hierdie was in direkte kontras met alle waarnemings wat gedoen is. Die argument het min aandag ontvang maar later is Newton se wette aangepas deur 'n kosmologiese afstotingsfaktor by te voeg.

Derdens was fisici oortuig dat lig teen 'n konstante spoed relatief tot 'n eter wat deur die hele

heelal strek, beweeg. Michelson en Morley het in 1887 gepoog om hierdie beginsel te gebruik om die spoed van die aarde deur die eter te bepaal. Tot hul verbasing kon hul geen beweging d.m.v. hul eksperiment meet nie. Vir twintig jaar het wetenskaplikes probeer om die klassieke teorieë aan te pas. Geeneen kon egter bevredigende antwoorde op die vrae verskaf nie.

Hierdie drie verskillende ontdekkings kon elk op hul eie die model vir 'n oneindige heelal omvêr werp, maar die emosionele verbinding aan die basiese beginsels van Kant was so sterk dat niemand hiervan kennis geneem het nie. (Ross, 1989 : 41)

Albert Einstein het in 1905 egter tog die volgende beginsels aanvaar:

Dat daar geen absolute verwysingsraamwerk in die heelal is om beweging teen te meet nie en

dat lig altyd teen dieselfde spoed vir enige waarnemer beweeg.

Hieruit het hy sy relatiwiteitsteorie ontwikkel.

Aanvanklik het Einstein se teorie geen erkenning gekry nie. Weerstand het egter begin verkrummel toe eksperimente en observasies die teorie bevestig het. In 1915 het Einstein verder gegaan om ook die invloed van versnelling in te sluit. Met sy algemene relatiwiteitsteorie kon Einstein die volgende waarneembare effekte voorspel:

Die gravitasiedefleksie van sterre deur die son.

Perihelium verskuiwing van 'n liggaam wat tussen die son en die aarde sou deur beweeg op sy wentelpad.

Die gravitasionele rooi skuif van spektrallyne.

In 1919 het Eddington gedurende 'n sonsverduistering getoon dat sterre wel deur die son se swaartekrag gebuig word. Hierdie observasie het verseker dat Einstein skielik wêreldberoemd geword het. Verskeie ander eksperimente het die teorie se geldigheid tot selfs beter as een honderdste van 'n persent aangetoon.

Hierdie teorie het egter ook getoon dat die grootte van die heelal nie oneindig was nie. Verder het die teoretiese model voorsien dat die heelal besig was om te vergroot wat

òf tot in ewigheid kon voortduur,

òf dit kon al hoe stadiger vergroot tot 'n konstante grootte,

òf dit kon vergroot tot 'n maksimum en dan weer begin terugval op homself.

Die teologiese implikasie hiervan was dat die heelal welliswaar baie oud was, maar dat dit tog 'n begin gehad het. Deur terug te gaan op die spore van die vergelykings van die algemene relatiwiteit kan ons sien dat die grote heelal gebore is uit een enkele punt! 'n Punt wat die wiskundiges noem 'n singulariteit, 'n punt met geen grootte. Geen wetenskaplike model, geen toepassing van ons natuurwette kan bepaal wat voor hierdie singuliere punt gebeur het nie. Die algemene term vir hierdie singulariteit is die oerknal of "big bang".

Die implikasies hiervan was fenomenaal! Ateïsme, Darwinisme en byna al die ander "ismes" wat gebou op die foutiewe veronderstelling dat die heelal onbegrens in tyd en ruimte is. Die heelal hét 'n grens en hét 'n spesifieke ouderdom. Hierdie singulariteit het ons skielik weer van aangesig tot aangesig gebring met die grondoorzaak van alles. Skielik het die ou argument dat elke ding wat bestaan, bestaan omdat daar 'n oorsaak voor moet wees, en dat ook die heelal 'n begin gehad het en daarom moes daar 'n oorsaak vir sy ontstaan wees, weer na vore getree.

Selfs Einstein se reaksie het getoon dat hy besef het dat hy moontlik deur sy werk voor God te staan gekom het. Hy het deur die invoeging van 'n kosmiese afstotingskrag probeer om die vergelykings "reg te stel". Ander het ook hul deel hiertoe probeer bydra soos Willem de Sitter wat gepoog het om die model so op te stel dat 'n stabiele heelal verkry kon word uit die vergelykings. Al hierdie pogings het egter gefaal omdat hulle meestal meer probleme as oplossings verskaf het.

Verdere ontwikkelinge in die kosmologie het nou vinnig gevolg. Reeds in 1914 het Vesto Slipher gemeld dat hy gemerk het dat newelvlekkie of nebulae teen 'n hoë spoed weg van ons melkweg beweeg. Edwin Hubble het homself ten doel gestel om te bepaal waarom hierdie newelvlekkie teen so 'n hoë spoed van ons af weg beweeg. Deur middel van verskeie

observasies en met behulp van die reuse 100 duim teleskoop van op Mt Wilson, kon hy bepaal dat hierdie newelvlkke in werklikheid galaksies, soos ons eie melkweg, is. Wat meer is, hy het ook aangetoon dat hoe verder die galaksie van ons is, hoe vinniger beweeg dit vanaf ons. Hierdie observasie was presies dit wat die eenvoudige vergrotende heelalmodel voorspel het!

Arthur Eddington en ander het ook nou daarop gewys dat die tweede wet van termodinamika dit ook vereis het. Die vergrotende heelal is dan ook die rede waarom ons naghemel nie helderder as die dag is nie. (Die feit dat die heelal besig was om te vergroot het veroorsaak dat dit vinniger afgekoel het as wat die uitstraling van die sterre dit kon verhit.)

So het die klassieke termodinamika, die algemene relativiteitsteorie en die observasies van die sterrekunde saamgespan om te bewys dat die heelal besig is om uit te dy, dat daar 'n begin moes gewees het en dat dit dus begrens is.

Hierdie siening van die vergrotende heelal wat ontstaan het uit die singuliere punt of oerknal (big bang), het nie die meeste wetenskaplikes gepas nie. Einstein was persoonlik ontstoke oor die implikasie van 'n begin vir die heelal, Eddington was ook nie daarmee gelukkig nie. Einstein het egter in 1931 finaal afstand gedoen van sy kosmologiese konstante nadat Hubble sy resultate van die rooiskuiw van die newelvlkke gepubliseer het. Einstein het met swarigheid die nodigheid van 'n begin aanvaar en selfs toegegee dat daar 'n hoër beredeneringsmag mag wees, maar nooit het hy die beginsel van 'n persoonlike God aanvaar nie. Sy beswaar hierteen was sy bitterheid teenoor die geestelikes en die feit dat hy nooit die paradoks van God se alomteenwoordigheid, maar ook die mens se eie verantwoordelikheid vir sy persoonlike keuses kon verklaar nie. (Ross, 1989 : 59)

Die huidige stand van die kosmologie

Die oerknalteorie voorsien dat daar nog 'n agtergrondsuitstraling in die heelal sou wees wat direk afkomstig is van die oorspronklike ontploffing. Sou 'n mens vêr genoeg in die ruimte in kyk sou hierdie bestraling van alle kante na ons kom. Weens die rooi skuif van die lig a.g.v. die vergroting van die heelal (en die stelsels wat weg van mekaar beweeg) sou hierdie bestraling in die infrarooi en radio spektrum lê. Uit die werk van George Gamow, wat hierdie afleiding gemaak het, het Ralph Alpher en Robert Herman in 1948 bereken dat ons 'n temperatuur van ongeveer 5 K (-268°C) sou meet. Op daardie stadium was daar geen manier om so 'n koue temperatuur te meet nie.

Arno Penzias en Robert Wilson het in 1965 'n ruis in hul mikrogolf ontvanger ontdek waarvoor hulle geen verklaring kon gee nie. Terselfdertyd het Robert Dicke gewerk aan die probleem om hierdie agtergronduitstraling te meet, en sy berekeninge het getoon dat dit wel meetbaar sou wees. Toe Penzias en Wilson verneem van Dick se werk het hul gou vasgestel dat die oorsprong vir die ruis wel die agtergrondsuitstraling van die heelal was. Vir hierdie werk het hul in 1978 die Nobelprys vir fisika ontvang. (Seeds, 1985 : 300) Verdere metings in ander dele van die spektrum het presies ingepas met wat die teoretiese model voorspel het. Metings het ook getoon dat die uitstraling met 'n uitermate groot presiesie, presies dieselfde is vanuit alle rigtings.

Hierdie ontdekking was, en is steeds, 'n geweldige oortuigende argument ten gunste van die oerknalmodel.

Die ouderdom van die heelal

Met die oortuigende argumente van die oerknalmodel in gedagte is die volgende vraag wat 'n mens jou afvra: "Wat is dan die ouderdom van die heelal?"

Soos die spreekwoordelike laaste spyker in die kis van die argument van 'n stabiele heelal, het verskeie metodes om die heelal se ouderdom te meet op dieselfde ouderdom uitgekam. Vir die doel van die argument sal hier slegs drie meetmetodes aangehaal word. (Ross, 1989 : 93)

Meetmetode Ouderdom (miljard jaar)

Sferiese bondelsterre $17,0 \pm 2,4$

Kernkronologie uit supernov $17,0 \pm 4,0$

Hubble se tydkonstante $14,5 \pm 5,0$

Die skatting vir die heelal se ouderdom in 2010 was 13.7 ± 0.13 miljard jaar.
(http://map.gsfc.nasa.gov/universe/uni_age.html - NASA beampte: Dr. Edward J. Wollack 2010-07-19)

Die stand van ander kosmologiese modelle

Die twee belangrikste alternatiewe kosmologiese modelle wat vandag nog in omgang is, is die stabiele model en die ossilerende heelal model.

Weens die oormaat van getuienis van 'n oerknal besef die meeste sterrekundiges dat die stabiele heelalmodel baie min om die lyf het. Mense soos Eddington het die bestaande oerknalmodel omvorm deur te probeer aantoon dat daar moontlik 'n oerknal kon wees maar het dit so vër as moontlik in die ewige verlede probeer wegdruk om aan die konsekwensies daarvan te ontkom. Die motivering vir Eddington om die model te ontwikkel was nie op enige waarneming gegrond nie maar sy eie woorde was: "Filosofies, is die idee van 'n begin in die huidige bestel van die Natuur vir my weersinwekkend. ... Ek sou daarvan hou om 'n deeglike skuiwergat te vind." (Ross, 1989 : 66)

Met hierdie modelle moet die argument geld dat die heelal nie ouer as sy onderskeie dele kan wees nie, maar ook, dat indien hy so oud sou wees, die verskillende dele tog ook die ouderdom moes weerspieël. Soos reeds getoon is daar nie enige bewyse van 'n oneindige oue heelal nie.

Baie sterrekundiges ondersteun die ossilerende heelalmodel wat reeds by die Hindu's voorgekom het. (Carl Sagan, 1984 : 286) Hierdie model aanvaar die oerknal, maar hulle argumenteer dat daar genoeg materie in die heelal sou wees sodat die groter gravitasiekrag die uitdeining kan omkeer. Die heelal sou dan na 'n tyd weer begin om op homself in te val.

Vir die heelal om geslote te wees (weer op homself in te val) moet daar 'n sekere kritiese massa in die heelal wees. Die eerste observasies en berekeninge het getoon dat die massa van die heelal by verre nie genoeg was om die kritiese massa te bereik nie. Gedurende die sestiger en sewentiger jare is baie pogings aangewend om die "verlore massa" te soek. Die beste metings wat in 1975 gedoen is het maar slegs 5% van die kritiese massa aangetoon. Daar is sprake van eksotiese materie wat wel die massa van die heelal kan opstoot na 10 of selfs 20% toe. Selfs Peebles, wat 'n groot voorstander van 'n geslote heelal was, erken nou dat die heelal maar ongeveer 30% van die kritiese massa besit en dat dit dus 'n oop heelal is. (Ross, 1989 : 103)

Die teenwoordigheid van deuterium in ons oseane en in die ruimte verleen ook rede om te glo dat die heelal nie geslote is nie. Deuterium kon slegs gevorm word tydens die begin van die oerknal, en dan ook net onder toestande wat sou voorkom indien die massa van die heelal minder as die kritiese was. Hieruit blyk dit dat die massa van die heelal maar 10% van die kritiese massa is. (Seeds, 1985 : 293)

Kom ons aanvaar vir die oomblik dat die heelal wel geslote is en dan kyk ons na die moontlikheid of die heelal wel na 'n terugval weer kan ontplof.

Die heelal is die sisteem wat die hoogste entropie het waarvan die mens bewus is. Entropie is 'n aanduiding van die nie-beskikbaarheid van 'n stelsel se hitte energie vir omsetting na meganiese energie. Omdat so baie van die heelal se energie omgesit word in 'n vorm wat nie vir werk geskik is nie, sou die heelal se terugval op homself meer vergelyk kan word met 'n stuk nat klei wat op 'n mat val as met 'n bal wat sou hop. Dus sal die heelal met 'n instorting nie weer ontplof en uitdein soos tans nie, maar sal die energie hoofsaaklik omgesit word in hitte. (Ross, 1989 : 105)

Die mens as middelpunt van die heelal?

Met Newton se oneindige heelalmodel het die mens aanvaar dat hy niks is nie. Bernard de Fontenelle (1657 - 1757) het geskryf: "Aanskou 'n heelal so onmeetlik dat ek daarin verlore is. Ek weet nie meer waar ek is nie. Ek is net niks nie. Ons wêreld is skrikwekkend in sy onbeduidenheid." (Aangehaal Block, 1992 : 1)

Fontenelle se vrees staan direk teenoor Psalm 8: "Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsiem? U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, U laat hom heers oor die werk van u hande," (Ps 8:5 7)

Waarom is die heelal so groot en so oud as wat dit is?

Sou die mens vandag bestaan het indien enige van die eienskappe van die heelal anders was as wat ons dit ken?

Daar bestaan vier basiese kragte waardeur die heelal opgebou is. Hulle is:

Die elektromagnetiese krag wat die struktuur en interaksie van atome bepaal.

Gravitasiekrag wat verantwoordelik is vir die struktuur van planete, sterre en galaksies.

Die swak kernkrag wat op kernpartikels oor baie kort afstande inwerk.

Die sterk kernkrag wat protone in die kerne van atome (wat normaalweg uit mekaar sou spat) bymekaar hou.

Die balans tussen hierdie kragte is baie fyn ingestel om die heelal soos ons hom ken saam te stel.

Sou die elektromagnetiese kragte bv. sterker wees sou al die galaksies bestaan het uit lae massa, rooi warm sterre wat te koel is om lewe te onderhou. Nog meer, sulke sterre kan nie ontplof as supernovas nie. Deur supernovas word swaarder elemente soos koolstof vervaardig, wat op sy beurt weer essensieel is vir die bestaan van lewe. Andersom, sou die elektromagnetiese kragte swakker wees sou al die sterre bestaan het uit blou warm sterre wat op hul beurt, weens hul beperkte leeftyd en hoë temperature, ook nie geskik is vir die onderhouding van lewe nie. (Block, 1992 : 15)

Die ouderdom van die heelal bepaal in 'n groot mate wat se tipe sterre daar op daardie tydstip bestaan. Dit het ongeveer 2 miljard jaar geneem vir die eerste sterre om te vorm. Dit het nog 10 tot 12 miljard jaar geneem vir die eerste supernovas (sterre wat ontplof) om genoeg swaar elemente te vervaardig om sterre soos ons eie son en planete te vorm. Hierna moes die son bv. nog voldoende tyd gegun word om lewe te kan huisves. Sou die heelal net 'n paar miljard jaar jonger wees sou dit nie lewe kon huisves nie, sou dit net omtrent 10 miljard jaar ouer wees sal daar nie meer 'n son tipe ster in die regte plek van 'n galaksie wees om steeds lewe te akkommodeer nie. Die tydvenster waarin lewe moontlik is, is dus voorwaar baie klein. (Ross, 1989 : 124)

As ons die ouderdom van die heelal vasgestel het is dit maklik om ook die grootte daarvan te bepaal. Die heelal het ontstaan uit 'n oerknal. Die hele heelal was saamgevat in een singuliere punt. Buite hierdie punt het geen ruimte bestaan nie. Ruimte is 'n element van die heelal en kan daarom nie op sy eie bestaan nie. Niks kan vinniger beweeg as lig nie. Soos die lig uitstraal vanaf die oomblik van die oerknal, so het die heelal ook vergroot. Een jaar na die oerknal was die radius van die heelal dan ook een ligjaar gewees. Elke jaar wat die heelal ouer word, word dit ook 'n ligjaar groter in sy radius. Weens die ouderdom van die heelal kan ons dus ook weet dat die radius van die heelal tussen +-13 miljard ligjaar is. (1 Ligjaar afstand is die afstand wat lig beweeg in 'n jaar se tyd.)

Met die uitdeining van die heelal is dit ook besig om af te koel. (Die uitdeining geskied vinniger as wat die hitte uitgestraal word.) Hierdie proses moes ten minste 13 000 miljoen jaar neem sodat die heelal genoeg kon afkoel om voorsiening te maak vir die bestaan van lewe. Dus moet die heelal so groot wees soos wat dit is, net om lewe op die aarde te kan onderhou! (Block, 1992 : 16)

Hoeveel ander planete bestaan wat moontlik ook lewe kan huisves. Sagan bereken slegs hoeveel galaksies daar in die heelal is en dan hoeveel sterre. Hieruit maak hy dan die gevolgtrekking dat die heelal "oorlopend is van lewe". (Sagan, 1984 : 22)

Kyk 'n mens egter dieper na die saak kom jy gou agter dat nie elke ster lewe op sy planete, indien hy planete sou hê, sou kon onderhou nie. Ross toon bv. 'n lys van 20 parameters waaraan 'n planeet moet voldoen om enigsins lewe te kan huisves. 'n Uittreksel van die parameters is die volgende:

Sou daar meer as een ster in die planetêre stelsel wees sou die kragtige eb getye die planete se gang versteur.

Sou die ster te vêr van die kern van sy galaksie wees sou die swaarder elemente te min wees wees om rotsagtige planete te kon lewer. Sou die ster weer te na aan die kern van die

galaksie wees sou die bestraling en sterre digtheid weer te hoog wees om lewe te kon huisves.

Sou die ster se massa groter as die son s'n wees sou die ster te vinnig uitgebrand het. Met 'n kleiner massa sou die die planeet te naby aan die ster moes wees met die gevolg dat eb getye weer die planeet se rotasieperiode sou beïnvloed. Die ultravioletbestraling sou ook te min wees vir die plante en hul fotosintese.

Sou die afstand van die planeet na die ster te groot wees, sou die planeet te koud wees vir 'n stabiele watersiklus. Te naby aan die ster, en die planeet sou weer te warm wees om die watersiklus in stand te kon hou.

Sou die planeet self te groot wees sou die planeet te veel ammoniak en metaan behou het. Kleiner, en die planeet sou nie sy atmosfeer kon behou nie.

Uit die faktore, en ander wat nie bespreek is nie, is daar bereken dat die kans vir nog 'n planeet soos die aarde maar slegs 1 in 10^{36} is. Sou ons, baie optimisties, skat dat daar 10^9 galaksies is met elk 10^8 sterre, is daar nog steeds 10^{19} te min sterre! (Ross, 1989 : 132) Selfs al sou Block se skatting van 10^{22} sterre geneem word, is daar net te min sterre in die hemelruim om te verseker dat daar spontaan nog so 'n planeet soos die aarde sal wees.

Die wonder van lewe

David Block toon aan dat om een enkele gene te konstrueer 'n waarskynlikheid van tussen 1 in 4^{180} en 1 in 4^{360} is.

Hierdie ontsaglike klein waarskynlikheid vra 'n aarde wat ordes ouer as die huidige aarde is om spontaan te kon ontwikkel. John Barrow en Frank Tipler het bereken dat die totale aantal nukleotiede basiese kombinasies oor die ganse geskiedenis van die aarde (4,5 miljard jaar) maar slegs 10^{47} is. Hierdie is 61 orders te min.

Verder toon hy dat die kans dat die mens se gene spontaan kon ontwikkel maar tussen

$$4^{-180(110\ 000)} = 10^{-12\ 000\ 000} \text{ en}$$

$$4^{-360(110\ 000)} = 10^{-24\ 000\ 000} \text{ is. (Block, 1992 : 22)}$$

Mayr het die volgende hierop te sê:

"Daar het 'n algemene konsensus onder evolusioniste gekom dat die evolusie van intelligente lewe, vergelykbaar in informasie ontwikkeling met dié van Homo Sapiens, so onwaarskynlik is, dat dit onwaarskynlik is dat dit op enige ander planeet in die ganse sigbare heelal kon gebeur het. Hierdie konsensus is verdedig deur baie van die voorste evolusioniste soos Dobzhansky, Simpson, Francois, Ayala et. al. en Myr." (Aangehaal Block, 1992 : 22)

Lewe, die wonder van lewe, hang aan 'n onmoontlike fyn draadje. Hierdie draadje is so fyn dat al sou elke ster in die heelal 'n planeet hê waarop lewe kan bestaan, dan sou daar steeds nie genoeg sterre wees om lewe moontlik te maak nie. Liberaal geskat is daar ongeveer 10^{22} sterre in die heelal. Selfs al sou die kans vir lewe om op 'n planeet een uit 10^{30} wees (dit is egter baie minder) is daar maar 10^{22} moontlike sterre!

Om te illustreer hoe onwaarskynlik die leer van die evolusie is haal prof. David Block a tabel van Mayr aan. (Block, 1992 : 24) Die tabel gee die datums van die oorsprong van lewe op aarde as die ouderdom van die aarde (4,5 miljard jaar) ingepas sou word in een jaar. Dieselfde tabel word byna net so gebruik deur Seeds, wat self 'n voorstander van die evolusie is. (Seeds, 1985 : 422)

Oorsprong van Ekwivalente dag in die jaar.

Aarde 1 Januarie

Lewe (Prokaryotes) 27 Februarie

Eukaryotes 28 Oktober

Chordates 17 November

Verbrates 21 Novemb

Soogdiere 12 Desember

Primates 26 Desember

Antropohides 30 Desember om 01:00

Homonides 31 Desember om 10:00

Homo sapiens 31 Desember om 23:56½

Homo sapiens verskyn dus 3½ min voor die einde van die jaar op die toneel!)

Ons as mense, die kroon van God se skepping, het skielik, drie en 'n half minute voor die einde van die "jaar" op die toneel verskyn!

Mayr skryf: "Wat merkwaardig is, is dat daar vir 3 000 miljoen jaar niks aansienliks betreffende lewe op aarde gebeur het nie. Vanaf die oorsprong van lewe tot die oorsprong van die eukaryotes het omtrent twee derdes van die leeftyd van die aarde verbygegaan sonder enige waarneembare gebeure behalwe vir die diversifikasie binne die prokaryotes self. ... Indien evolusioniste enigsins iets uit 'n detail analiese van evolusie geleer het, is dit dat die oorsprong van nuwe lewe grootliks 'n ingreepgebeurtenis is" (teenoor die algemene siening van ontwikkeling en seleksie) (Aangehaal Block, 1992 : 24).

Die kans dat 'n mens se gene spontaan kon ontwikkel, tesame met die kans dat daar nog planete soos die aarde kan wees, laat 'n mens besef dat dit net nie logies is nie. Enigeen wat dit as vanselfsprekend aanvaar weier net doodeenvoudig om die feite in die oë te kyk.

Evolusie: Spesifieke bewyse

"Een honderd jaar na die verskyning van Darwin se boek "Origen of Species", het die teorie van evolusie oënskynlik die dag gewen as 'n verklaring vir die wêreld van lewe. Vandag word word dit byna universeel aanvaar deur die opgevoede mens as 'n feit en nie as 'n teorie nie." (Shute, 1980 : 1) Die meeste teksboeke aanvaar hierdie leer as vanselfsprekend. Shute het in sy boek "Flaws in the theory of evolution" 'n stuk of een en twintig stellings gemaak om die tekortkominge in die teorie uit te wys. Hierdie stellings word aangehaal sodat die omvang van die tekortkominge en leemtes duidelik sal wees.

Stelling 1. Die laer vier vyfdes van die aarde se kors is leweloos. (Indien lewe so spontaan ontstaan as wat die leer van evolusie dit wil hê, moes daar oorfloedige tekens van lewende organismes wat vroeër bestaan het, gewees het.) Lewe verskyn dan skielik, is onmiddelik oral oor die aarde, en gou toon dit al die tipes lewe wat ons van weet. Hierdie is nie die bewyse wat evolusioniste wil sien nie en is dodelik vir hul aansprake. Hierdie is skepping.

Stelling 2. Die biochemiese waarskynlikheid vir die spontane ontstaan van lewe is so oneindig klein dat lewe duidelik nie vanself kon begin het nie. Dit moes geskep gewees het. (Sien ook Block se argument soos aangehaal.)

Stelling 3. Daar is geen bewyse dat bakteria, fungus, virusse en ander vergelykbare vorme enigsins verder ontwikkel het sedert lewe begin het nie, of dat dit tans nog ontwikkel nie. Tog is dit die eenvoudigste vorm van lewe, die mees maklike om waar te neem en met 'n spoed van vermenigvuldiging wat selfs die tyd systap, soos wat evolusioniste graag uitwys. In die mees ideale plek om evolusie waar te neem, is die verskynsel nog nie gevind nie intendeel, die bespreking van hierdie punt word sorgvuldig vermy.

Stelling 4. Die embrio rekapituleer nie in veral plante, parasite, stationêre lewensvorme, motte en skoenlappers nie. Enige ooreenkoms met ander embryos is kunsmatig en kru, is nie demonstreerbaar deur wetenskaplike analise, toon nie enige verwantskappe nie en gevolglik is die "wet van biogenetika" nou in die algemeen in diskrediet.

Elke embrio begin as een bevrugte sel. Hierdie sel verdeel en op sekere stadia is die voorkoms van die embrio sodanig dat dit herinner aan ander, meer eenvoudige organismes of diere. Die punt wat egter vergeet word is dat elke embrio slegs in staat is om tot sy eiesoortige tipe te ontwikkel. 'n Mens kan tog nie voorkoms verwar met realiteit nie. Al sou die embrio op sy pad na volwassenheid na hoeveel ander tipes lyk, bly dit steeds net homself. Die embrio verander nie in die proses van die laer vorme van lewe na die hoër vorme van lewe nie. Die basiese inligting van bv. 'n mens is reeds volledig in die embrio se kromosome vasgelê!

Stelling 5. Halfontwikkelde organe en strukture is algemeen. Gewoonlik is hulle nutteloos en dit is ook al baie aangetoon. Tog het hulle baie keer 'n biochemiese waarde tydens

ontwikkeling, en moet hulle nie gewaardeer word slegs op volwasse anatomiese strukture nie. Evolusioniste soek egter strukture wat besig is om te ontwikkel, nie strukture wat skynbaar minder belangrik word nie. Die feit dat nuwe strukture so skaars is, is fataal vir die evolusieteorie, wat tog in hoofsaak daarvoor gaan dat nuwe strukture in plek moet kom.

Stelling 6. Die kompleksiteit, verskeidenheid en volmaaktheid van parasitiese aanpassing, veral waar diere en plante interafhanklik van mekaar is of waar parasite verskeie huishere verlang, ontwyk alle evolusionêre verduidelikings.

Dit is opmerklik hoeveel verskillende diere en lewensvorme lewe in assosiasie met ander soorte. Dit wissel bv. van bakteria in die mens se liggaam tot die gemeenskappe van termiete en miere, die loodsvis wat die haai begelei tot die renostervoëltyjie wat die renoster teen gevaar waarsku.

In baie van hierdie gevalle kan die een nie sonder die ander bestaan nie. Hoe kan die evolusie dan sê dat die een lank voor die ander ontstaan het en dan nog kon oorleef totdat die ander party op die toneel verskyn het? Dit maak tog net nie sin nie!

Stelling 7. Die lewe van sosiale insekte ontwyk evolusionêre verduidelikings. Hierdie insekte verskyn skielik, de novo, kennelik deur skepping.

Geologies is daar geen ontwikkeling waarneembaar met bv. miere en termiete nie. Baie van hierdie sosiale insekte het uiters ingewikkelde lewenspatrone wat moeilik deur natuurlike ontwikkeling verklaar kan word.

Wasman het reeds in 1895 geskat dat daar 1246 verskillende spesies van miere, 993 van kewers en 184 van ander tipes insekte is wat tafelgenote van 'n ander spesie is. Hoe word die gelyktydige ontwikkeling, so skielik deur evolusie verklaar?

Stelling 8. Bloedgroepe is lank gebruik om die verwantskap tussen die mens en die aap te demonstreer. Dit kan nie gedoen word nie - net so min as wat bloedgroepe die verwantskap tussen menslike rasse of selfs aangrensende stamme kan aantoon. Ons het hierdie argument ontgroei.

Stelling 9. Skoonheid is so algemeen in die wêreld van die lewe, so kompleks, so deeglik aangepas by die behoefte, dat dit alle evolusionêre verklarings ontwyk.

Indien die natuurlike wêreld ontwikkel het deur evolusie en uit basies die protozoansel of virusse, wat tog geen skoonheid kon bevat weens hulle beperkte omvang, hoe verklaar ons dan die voorkoms van visuele skoonheid? Het dit vanself ontwikkel? Hoe kan die wydverspreidheid daarvan verklaar word as dit so baie keer oënskynlik geen doel het nie - behalwe vir die mens (en vir God)?

Stelling 10. Die volmaaktheid van instink, sy vervlegtheid, sy alomteenwoordige aard, sy kernrol in die bewaring van duisende lewensvorme, kan nie deur die evolusionis verduidelik word nie. Instink is waardeloos tensy dit volmaak is, dus kan dit nie stuk, stuk geselekteer wees nie. Soms kan die instinktiewe proses in verskeie dele geanaliseer word, maar dit gee ons nog nie 'n leidraad na die oorsprong van die geheel nie.

Stelling 11. Die probleem van kleur in lewende wesens is een van uiterste kompleksiteit. Dit ontwyk evolusionêre verduidelikings a.g.v die kompleksiteit, die verskille tussen geslagte en selfs opeenvolgende vorms van dieselfde dier, mimiek, en sy volmaaktheid. Ook hier is 'n halwe volmaaktheid nie volmaaktheid nie.

Stelling 12. Botanici het die grootste probleem van alle evolusioniste, tensy 'n mens die kundiges in fungus, bakteria, virusse en parasite apart noem, wat ook ernstige probleme het. Miskien is die ernstigste probleme van die evolusionêre botanici dié van die parasitiese plante en insekte, asook vleisetende plante.

Die taak om plante op te deel in verskillende hoofgroepe is 'n moeilike, selfs onmoontlike taak. Fungus en bakteria het dieselfde probleem. Verder is daar nog geen bevredigende oorsprong of verwantskappe in die groot hoeveelheid fossiele gevind nie. Die eerste plante in die wêreld het baie keer gelyk presies soos vandag, party selfs meer kompleks. Geen ontwikkeling word dus waargeneem nie. Dieselfde geld ook vir die fungus en die aanpassings van plante, veral tot insekte.

Stelling 13. Die wêreld van lewende wesens bevat soveel duisende van komplekse

aanpassings dat dit die verduidelikings van die evolusioniste ontwyk. Hulle is die werk van 'n super intelligente en versigtige Skepper.

Darwin het self die volgende oor die oog te sê gehad: "Om te veronderstel dat die oog, met al sy onverbeterlike uitvindings om aan te pas met sy fokus op verskillende afstande, om verskillende hoeveelhede lig deur te laat en om te kompenseer vir sferiese en chromatiese afwykings, gevorm het deur natuurlike seleksie, is, en ek erken dit ruitelik, absurd tot in die hoogste graad." Verder sê hy ook: "Die opvatting dat 'n orgaan, so perfek soos die oog, gevorm kon word uit natuurlike seleksie, is meer as genoeg om enigeen te verbyster."

Moet nooit dink dat slegs christene "geloof" nodig het nie! (Shute, 1980 : 128)

Stelling 14. Die verskynsel van konvergensie (sameloping) van vorm en funksie is so wydverspreid in die natuur dat dit lei na 'n ongelooflike verwarring om die verwantskappe tussen verskillende lewensvorme te bepaal. Meer nog, die parrallele ontwikkeling van identiese strukture en biochemiese stelsels in wyd uiteenlopende tipes van wesens beproef die evolusionis tot die uiterste. Is dit konvergensie, of 'n skeppende gerigde inset?

Stelling 15. Die antieke geografiese isolasie van diere en plante het nuwe spesies, klasse en families voortgebring. Dit is duidelik. Maar dit het nooit meer uiteenlopende tipes voortgebring nie, hoe lank die isolasie ookal was. Meer nog, evolusioniste kan nie die vreemde verspreiding van diere en plante genoegsaam verduidelik nie. Soveel nuwe vorme van lewe is onlangs ontdek dat dit ooglopend is dat die teorie (van evolusie) voorgestel was voordat daar genoeg deurdagte bewyse daarvoor versamel was.

Stelling 16. Indien evolusie die studie is van die oorsprong van nuwe spesies, moet die term "spesie" akkuraat gedefinieer word. Dit is nog nie gedoen nie. Daar is geen groter verwarring in die moderne biologie as juis om hierdie punt nie.

Stelling 17. In die fossielrekords is daar 'n verrassende gebrek aan bewyse dat die hoofgroepe van lewe geleidelik uit ander vorme ontwikkel het. Hulle het skielik op die toneel verskyn, asof deur nuwe skepping.

Stelling 18. Die studie van fossielplante toon nie dat die ouer tipes eenvoudig was en dat dit mettertyd meer kompleks geraak het nie.

Stelling 19. Volgens die evolusioniste verhoed gapings in die geologiese rekords hul om te bewys dat moderne diere en plante afstam van ouer diere en plante deur klein gegradeerde veranderinge. Daar is egter geen teken dat die leemtes te wyte is aan onvolledige kennis van die rotse nie. Al die geologiese rekords dui op 'n skielike verskyning van nuwe spesies, spesies wat dan ook reeds volmaak gevorm is en wat in baie gevalle vandag nog net so voorkom. Hierdie leemtes blyk eerder om eie aan die teorie van die evolusie te wees.

Stelling 20. Die genealogiese stamboom van die perd is maar 'n teorie van verandering binne een familie, maar tog is dit moeilik om te glo as dit van naderby beskou word. Taksonomie is moeilik, en staan slegs in sy babaskoene. Ongelukkig funksioneer dit vandag binne 'n teorie wat alle lewende dinge in klasse wil opneem. Die hele idee om 'n stamboom te groepeer in enige groepering wyer as net die dierekundige familie, bring onmiddelik formidabele struikelblokke na vore.

Stelling 21. Daar is nou en was lank 'n groot verskeidenheid van menslike en antropoïde vorms op die aarde. Redelose tipes van die mens was baie antiek, maar die mens was baie van hulle tydgenote. Daar is geen bewyse vir die evolusie van die moderne mens nie. Hy het skielik omtrent 9000 jaar gelede in die nabye Midde Ooste verskyn. (Shute, 1980)

Dr. Pierre de Villiers ondersteun ook stelling 21 van Shute. Volgens hom dui al die bewyse daarop dat die sogenoemde aapmense met die verskyning van die mens van die toneel verdwyn het. Die moontlikheid bestaan selfs dat hulle a.g.v. die mens verdwyn het.

In aansluiting by stelling 3 van Shute toon De Villiers dat alle eksperimente met die vrugtevlieg om evolusionêre ontwikkeling aan te dui misluk het. Die wetenskaplikes het dit wel reg gekry om buitengewone vorms van vrugtevlieë te teël, maar elke keer as hulle die vlieë sou toelaat om sonder enige inmenging verder aan te teël, dan het die vorme terug geval na die oorspronklike vorm toe.

Dieselfde proses is ook met die gewone huishond sigbaar. Deur teling het mense dit reg gekry om rasse te teël wat wissel van die klein chi wau wau tot by die groot Deense hond. Verder as

dit kon daar nog nie gevorder word nie. Dit is asof die natuur sy eie limiete het waarbinne elke ras moet beweeg en waaruit hulle nie kan ontsnap nie.

Opsommend:

Om terug te keer na ons oorspronklike vraag of daar nog 'n plek vir God in die skepping is, is dit duidelik dat die wetenskap vandag gewis nie alles kan verklaar nie. Dat hul nog steeds voor die groot misterie staan dat daar 'n Skepperhand moes gewees het, Iemand wat vandag nog die ganse heelal onderhou.

Hoe bevestig die wetenskap nie die woorde van die Skrif nie!


"Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie kan sien nie." (Rom 1:20)

Ons kan met oorgawe saam met Johannes sê:

"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie." (Joh 1:1-3)

Ek glo Here... Kom my ongeloof te hulp!

Die Skrif



Die betroubaarheid van die Bybel in die lig van die wetenskap en die geskiedenis

Baie kritiek word teen die Bybel as die woord van God gelewer. Bewerings word gemaak dat die Bybel vol historiese en wetenskaplike foute sou wees. Daarmee word geïmpliseer dat God se goddelike inspirasie onvoldoende sou wees om die Bybel se inhoud sonder foute vir ons te gee. Anders word ook gesinspeel dat die Bybel maar alleen 'n menslike boek is soos enige ander boek of versameling geskrifte.

Vir ons as christene is dit duidelik dat die aanklag vanuit die wêreld, en selfs vanuit die kerk nie ligtelik opgeneem kan word nie maar dat dit insny in die fundamente van ons geloof.

Die skeppingsverhaal staan gewoonlik in die midde van die kontroversie oor die korrektheid van die Skrif al dan nie. Soos voorheen sal daar eers gelet word op die ontwikkeling van die huidige standpunte rondom die Bybel. Vervolgens sal die skeppingsverhaal bespreek word aan die hand van die nuutste wetenskaplike feite. Baie van hierdie sake is dan ook reeds in die vorige hoofstuk aangeraak, maar hier sal gepoog word om die verband tussen die Bybel die wetenskap aan te toon.

Die skeppingsdae van Genesis 1 en 2

Waar kom dan die algemene siening vandag vandaan dat die skeppingsdae as 24 uur dae gesien moet word?

John Lightfoot, van die Cambridge Universiteit, het in 1642, slegs 31 jaar na die verskyning van die King James vertaling, bereken dat die skepping plaasgevind het op 17 September 3928 v.C. 'n Paar jaar later het die Anglikaanse aardsbiskop van Ierland, James Ussher, hierdie datum aangepas na die 3de Oktober 4004 v.C. Hy het ook verder gegaan deur

spesifieke datums vir elke historiese gebeurtenis van die Bybel neer te pen. Hiermee is die fondament gelê vir die "jong aarde teorie". So gewild was hierdie datums dat nuwer uitgawes van die King James vertaling van hierdie datums as kantaantekeninge of selfs as opskrifte gehad het. Omdat hierdie vertaling dié vertaling van die Engelsprekende Protestante geword het en hulle verder die hoofgroep geword het om die protestantisme wêreldwyd te versprei, het hierdie kantaantekeninge algemeen aanvaarde feite vir die meeste christene geword.

Ussher en Lightfoot se berekening het berus op twee veronderstellings:

Dat geen generasies oorgeslaan is in die geslagsregisters nie en

dat die Genesiskeppingsverhaal berus op opeenvolgende 24 uur dae.

Reeds vroeg in die 17de eeu moes daar al alarm gemaak gewees het oor hierdie siening. Die verspreiding van die christendom het bv. teenkating gekry in China, waar hul eie geskiedenis verder as 4000 jr v.C. terug dateer. Hierdie probleem het egter min aandag getrek in Europa en Amerika.

Insiggewend is dit om te weet dat baie van die vroeë christene en bybelstudente die skeppingsdae van Genesis 1 as lang periodes beskou het. Hierdie lys van mense is o.a. die Joodse geskiedkundige Josephus (1ste eeu n.C.), Irenaeus (biskop van Lyons en martelaar van die 2de eeu n.C.), Origen (wat die christelike leer teen heidene verdedig het in die 3de eeu), Basil (4 eeu n.C.), Augustines (5de eeu n.C.) en Aquinas (13de eeu n.C.). (Ross, 1989 : 141)

Die belangrikheid van hierdie mense se standpunte lê in die feit dat ons hulle nie van vooroordeel kan beskuldig as sou hulle deur die sekulêre en wetenskaplike sieninge van vandag beïnvloed gewees het nie.

Met die ontwikkeling van die wetenskap en veral uit Newton se sterrekundige wette was dit duidelik dat baie van die sterrekundige stelsels ouer is as wat Ussher hulle dit aangegee het. Die berekening om die ouderdom van sulke stelsels te bepaal is baie omslagtig en dit het meer as twee honderd jaar geneem voordat die volle implikasie daarvan beseef is.

Skielik het die wetenskap die christendom gekonfronteer met die feit dat die heelal ouer as 6000 jaar is. Die christendom se reaksie hierop was hoofsaaklik in twee kampe verdeel.

Die "fundamentaliste" het met hul standpunt volhard en het probeer om ander verduidelikings te kry waarom daar verskille is. Een so 'n standpunt is dat die aarde deur God geskep is met 'n oënskynlike ouderdom van meer as wat die skeppingsverhaal van getuig. Hierdie mense het wel baie gedoen om interne verskille tussen Gen 1 en 2 uit te haal, maar basies het hul gefouteer deur nie die basiese aannames van Ussher se uitleg van die skeppingsverhaal te bevraagteken nie. Die ongelukkige gevolg van die uitgesprokenheid van die fundamentaliste is dat die meeste mense vandag aanvaar dat elkeen wat in God glo ook die stellings van 'n "jong" aarde onderskryf. Weens die oorweldigende getuigenis teen 'n jong aarde het baie mense die Bybel verwerp sonder om eers die ware boodskap van die Bybel te probeer navors.

'n Tweede groep het weer aangedui dat die Ou Testament nie geloofwaardig is nie. Jean Astruc het hierdie stelling reeds in 1753 gedoen. Nie lank daarna het Johann Eichhorn, 'n bekende teoloog van sy dag, met baie van sy Duitse kollegas, beweer dat die Ou Testament ontstaan het uit laat, onbetroubare dokumente van ongeveer 800 tot 500 v.C. Hul siening was dat die skeppingsverhaal bestaan het uit oorgelewerde mites. Hieruit het die "hoër kritici" die siening ontwikkel dat die Bybel onbetroubaar is -nie net intern nie - maar ook ten opsigte van die wetenskap en geskiedenis. Vir hul het God slegs sigbaar geword deur die kanaal van die "geloof". Die "geloof" was dus totaal subjektief en het bestaan uit 'n morele reaksie, aangespoor deur die gewete, en 'n warm gevoel rondom die teenwoordigheid van God.

Hierdie twee strominge staan vandag nog net so sterk. Die meeste christene voel aan dat beide van hierdie standpunte te radikaal is en 'n baie algemene siening vandag is dat "Die Bybel wil nie 'n weergawe gee van die proses waarvolgens die wêreld ontstaan het nie. Nog minder is dit 'n geskiedenisboek oor die ontstaan en wording van die mensheid". (Die Bybel in praktyk, 1993 : 7) Hiermee word daar erken dat die Bybel vol foute is, maar word daar geredeneer dat dit nie die bedoeling van die Bybel is om alles korrek weer te gee nie. Die boodskap van die Bybel is belangriker as die feitlike gegewens waarom dit gebou is.

Dit kom voor asof mense liewer die probleem van die korrektheid van die Bybel wil ignoreer om "twisvrae" te voorkom. Die stellings van die Nederlandse geloofsbelydenis van

"Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voorgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek" (Die Nederlandse geloofsbelydenis Art. 3) en

"Ons mag ook geen ander geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie" (Die Nederlandse geloofsbelydenis art. 7)

word sorgvuldig vermy. Die wonderlike en bonatuurlike ooreenkomste tussen die Bybel en die nuutste wetenskaplike bevindinge van die laaste dekade of twee is soos 'n sorgvuldig bewaarde geheim waarvan baie min nog kennis van geneem het!

In Ps 19 staan die volgende woorde:

"Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend."

"Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe." (Ps 19:2,8)

Rom 1:19 20 herhaal dieselfde gedagte.

"Wat 'n mens van God kan weet was binne hulle bereik gebring. Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie..."

Uit die Skrif is dit duidelik dat God homself en sy evangelie deur die skepping en deur sy Woord aan ons openbaar. God kan nie lieg nie (Titus 1:2) dit sou heeltemal teenstrydig wees met Sy heilige aard. Die Bybel verklaar dat God die heelal geskep het:

"Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie." (Joh 1:3)

Verder verklaar die Bybel dat God self verantwoordelik is vir die woorde van die Skrif:

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer ..." (II Tim 3:16)

Op hierdie basis kan daar dus geen verskille of weersprekende getuienisse tussen die Skrif en die natuur wees nie. Enige klaarblyklike weersprekinge moet dus stem uit ons menslike waninterpretasie van die feite. (Ross, 1991 : 145)

In die lig van lg. blyk dit dus dat die fundamentaliste die Bybel as absoluut waar erken maar die natuurbewyse wat daarmee in stryd is verwerp. Die ander groep erken God se gesag, die natuurbewyse, maar verwerp weer die absolute gesag van die Bybel. Beide van hierdie groepe kom dus die Skrif te na deur nie te aanvaar dat God Hom deur sy skepping én sy Skrif aan ons openbaar nie.

Die vraag is dus: Staan die Skrif en die wetenskap of natuurgetuienisse teenoor mekaar? Weersprek die twee mekaar wel in so 'n mate dat daar geen plek vir die een of die ander is nie?

Is hierdie saak net 'n "twisvraag" of is dit van kardinale belang vir ons geloof in Christus Jesus en sy beloftes aan ons én vir die uitdra van die evangelie? Hoeveel sendingaksies het nie al te gronde gegaan omdat die kerk van Jesus Christus nie bevredigende antwoorde op die vrae het nie!

Martin Luther se hele optrede met die hervorming was geskoei op die gedagte dat die Bybel homself moet verklaar en kan uitlê. Luther se woorde, "dat die Skrif in homself heeltemal seker, heeltemal maklik verstaanbaar, heeltemal oop en sy eie uitlegger is, wat alles aan alles toets, rig en duidelik maak", maak ook 'n appél op ons. (Pont, 1984 : 85)

Met Luther se oortuigings as grondslag kan ons, met 'n onbevange gemoed, gaan kyk wat die Bybel self sê oor hierdie sake. Daar sal hoofsaaklik gelet word op die skeppingsverhaal. Baie is al daarvoor geskryf en ieder en elk het sterk standpunte oor die verklaring van die skeppingsverhaal of verhale.

Galileo se uitgangspunt van hoe ons na die Skrif kan kyk om dit te interpreteer, sal gebruik word.

Die Bybelse basis vir lang skeppingsdae

Die eerste hoofstuk van Genesis vertel dat die aarde "woes" en "leeg" was en dat God dit in ses "dae" omskep het in die aarde soos ons dit vandag ken.

Die woord "dae" staan in die middel van die kontroversie. In antwoord op die vraag of dit in konflik is met die wetenskap al dan nie, moet daar uitgemaak word of die periode van 'n "dag" 'n tydperk van 24 uur aandui, en of dit in die orde van miljoene jare kan wees. Om dit te kan doen behoort die interpretasie van die skeppingsdag, die definisie van die oorspronklike woord, die konteks waarin dit gebruik is, die grammatika en die relevante gedeeltes in die res van die Skrif in ag geneem te word. 'n Analise van al hierdie elemente bring egter genoeg getuienis na vore dat die dag van Genesis 1 as lang tydperke gesien kan word. Hier is sommige van die feite. (Ross, 1991, p146 155)

1. 'n Lang skeppingsperiode is in pas met die definisie van yowm, ereb en boqer.

Die Hebreeuse woord "yowm" mag vir enige van die volgende periodes gebruik word:

Van sonsopkoms tot sonsondergang,

van sonsondergang tot sonsondergang,

'n segment van tyd sonder enige verwysing na gewone dae (gewoonlik 'n aantal jare) en

'n tydperk of epog.

Die woord "'ereb" beteken "aand" of ook "sonsondergang", "nag" of "die einde van 'n dag". "Boqer" kan weer vertaal word as "oggend", "sonsopkoms", "die koms van die lig" of oggendskemer met moontlike metaforiese gebruike.

Dit is duidelik dat daar geen probleem sou wees indien die vertaling eerder "tydperk" as "dag" sou gewees het nie.

2. Genesis 1 pas in die vorm en ook funksie van 'n Bybelse kronologie.

Met die studie van ander kronologiese gedeeltes in die Bybel waar gebeurtenisse mekaar opvolg is beide die tyd orde onderskeibaar en tyd orde belangrik. Dit is belangrikheid om die ordelike ontvouing van God se plan te toon, terwyl die onderskeibaarheid nodig is om die geldigheid van die segsman se boodskap aan te toon. Daniël 9:24 27, (die herbou van Jerusalem, die Messias se koms en dood, die verwoesting van Jerusalem, jare van verlatenheid, die herstel van die offer, abomination en dan die einde); Daniël 11:2 45 ('n Kronologie van die oorwinnings en neerlae van verskeie konings en koninkryke); en Openbaringe 8 en 9 is voorbeelde hiervan. Die plaes van Egipte was ook duidelik onderskeibaar en elkeen van die plaes moes vir die farao oortuig dat die Here in beheer was van al wat lewe. (Eksodus 7 12)

In die geval van die skeppingsdae is die lang periodes waarin verskillende lewende wesens geskep is, inderdaad onderskeibaar en is dit wel belangrik om die gesag van die skrywer n.a.v. van die bonatuurlike akkuraatheid te beklemtoon. Indien die skepping in slegs 6 dae voltooi was sou selfs vandag se mees komplekse meetinstrumente nie in staat wees om die opeenvolgende gebeurtenisse van mekaar te onderskei nie. Wat sou dan die doel van die vermelding van die verskillende "dae" wees?

3. Die sewende dag van Genesis 1 is nog nie afgesluit nie.

Van die eerste ses dae van die skeppingsverhaal word daar gesê: "Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die soveelste dag." Elkeen van daardie dae het dus 'n begin en 'n einde gehad. Vir die sewende dag word daar egter geen einde aangetoon nie - nie in Genesis 1 of 2 nie en ook nêrens anders in die Bybel nie. Inteendeel, in Ps 95 en Hebr 4 word daarna verwys as sou dit nou nog steeds die sewende dag van God wees.

"En God het op die sewende dag gerus van sy werk, ... maar vir sommige bly die moontlikheid bestaan om in sy rus in te gaan... Daar wag dus steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan..." (Hebr 4:4 11)

Ons kan dus aflei dat op die kortste, God se sewende dag ten minste 'n paar duisend jaar is, met 'n maksimum wat nog nie bepaal is nie.

Die fossielrekords bevestig ook bg. feite. Dit is duidelik dat daar gedurig nuwe lewe te

voorskyn gekom het voordat die mens geskep is. Deur die jare was die aantal nuwe spesies steeds meer as dié wat uitgesterf het. Toe die mens egter op die toneel verskyn het, het die prentjie heeltemal verander. Die huidige skattings van spesies wat uitsterf wissel van 1 per dag tot soveel as 5 per uur. Aan die ander kant is daar nog nie een spesie in mensegeskiedenis gedokumenteer wat ontwikkel of geskep is nie. Selfs die voorstanders van die evolusieleer kon nog nie enige evolusionêre ontwikkeling in enige spesie deur waarneming aantoon nie.

Die skeppingsverhaal van die Bybel bied egter vir ons die antwoord: Vir ses dae het God nuwe lewensvorme geskep maar na die skepping van Adam en Eva rus Hy van sy skeppingswerk en hierdie rus duur tot vandag nog.

4. Die ongewone sintaks in die gebruik van die spesifieke skeppingsdae dui op ongedefinieerde tydperke.

Die ongewone manier waarop daar aangedui word dat daar 'n volgende skeppingsdag is, is opvallend. "Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die soveelste dag." Hoekom het daar nie net gestaan: "en dit was die aand en die môre van die dag nie"? Hierdie manier om dit te stel kan nie gebruik word as 'n bewys nie, maar laat tog 'n suggestie dat dit 'n aanduiding van 'n spesifieke fase is wat verby gegaan het.

5. Die gebeure van die sesde dag dek meer as 24 uur.

Genesis 1 vertel ons dat die soogdiere en beide Adam en Eva op die sesde dag geskep is. Genesis 2 gaan dieper op die saak in deur meer in detail uit te brei oor wat gebeur het vanaf Adam se skepping tot en met Eva s'n.

God het eers 'n tuin in Eden geplant deur "allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond te laat uitspruit," (Gen 2:9) God het Adam beveel om die tuin te bewerk en daarna moes Adam name aan al die wilde diere en voëls gee. In die proses het Adam agter gekom dat daar vir hom as mens geen gelyke helper was nie. In antwoord hierop het God vir Eva geskep. Adam se reaksie op Eva se voorstelling was "happa'am" wat gewoonlik vertaal word met "Dit is nou eindelijk been van my gebeente" (ou vertaling) of in Engels "now at length" of "at last". Hierna het God hulle hul opdrag gegee om vrugbaar te wees, om die aarde te bewoon en te bewerk en om oor die aarde en die skepsels daarvan te heers. Ook het God vir hul die plante en die diere op die aarde en in die lug gegee as kos om van te leef. (Gen 1:29,30) In hierdie tyd kon daar weke, maande of selfs jare verby gegaan het voordat die sesde dag finaal verby was.

Voorstanders van die 24 uur skeppingsdag, redeneer dat Adam weens sy sondelose toestand teen bo-menslike spoed kon werk om al die take gedoen te kry binne een dag. Hierdie argument neem egter nie die volgende in ag nie:

Adam se reaksie op Eva se bekendstelling "eindelijk"

Daar bestaan geen Bybelse basis om te vermoed dat Adam teen bo menslike spoed voor die sondeval kon werk nie.

Selfs 'n groter intellek sou nie sy take en wedervaringe van die sesde dag wesentlik kon beïnvloed nie.

In sy sondelose toestand sou Adam tog net soveel meer noukeurig gewees het om God se opdragte korrek uit te voer.

Jesus, al was hy sondeloos, het nie sy take teen bo menslike spoed uitgevoer nie.

6. Die bewoording van Genesis 2:4 suggereer 'n lang tydperk vir die skeppings "week".

Letterlik staan daar in die Hebreeus vir Genesis 2:4, wat 'n opsomming van die skepping is, "Dit is die generasies van die hemel en die aarde in die dag van hul skepping". Die nuwe Afrikaanse vertaling stel dit as "die geskiedenis" van die hemel en die aarde. Die woord "dag" verwys hier na al ses die skeppingsdae en die gebeure voor die eerste skeppingsdag. Klaarblyklik verwys hierdie "generasies" dus na 'n tydperk langer as net 'n week in ons terme. In Hebreeus verwys een generasie na die tyd van 'n kind se geboorte tot hy self 'n ouer is, of enige tydperk langer as dit. Die feit dat hier na "generasies" verwys word dui dus op 'n tydperk van vele generasies.

7. Om die ewigheid van God te beskryf vergelyk die bybelskrywers dit met die ouderdom van

die berge en die "fondamente van die aarde.

Die beelde wat in Ps 90:2 6, Spreuke 8:22 31, Prediker 1:3 11 en Miga 6:2 toon God se onbeskryfbare antieke teenwoordigheid en planne. Habakuk 3:6 verklaar bv. die berge as eeue oud en die ou ou heuwels en toon tog daarmee dat die aarde baie ouer is as ons mensegeskiedenis. II Petrus 3:5 verklaar ook dat die hemel en die aarde al lank gelede bestaan het.

8. God se doel met die geskrewe Woord is om sy waarheid en sy wil aan die mens bekend te maak.

"Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al U regverdige verordening is tot in ewigheid". (Ps 119:160 ou vert.)

"Wat Ek die Here sê bring redding, my woorde gee lewe" (Jes 45:19),

"en God wat nie kan lieg nie..." (Titus 1:2 ou vert.),

"Die twee dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen." (Hebr 6:18) en

"Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek beloon." (Hebr 11:6).

Die implikasie van bg. is tog duidelik God sou tog nie die wêreld met 'n oënskynlike hoë ouderdom geskep het en so aan sy eie aard ontrou geword het nie! Ons kan nie die feite van die wetenskap rakende die sterrekunde, fisika, geologie ligtelik opneem nie.

9. Die Bybel bevestig dat God se bestaan, sy handewerk, sy krag en sy Goddelike natuur openbaar.

Soos reeds getoon uit Ps 19 en Rom 1:20 is die skepping alleen alreeds genoeg getuieis dat God bestaan, dat Hy alles geskep het, dat Hy ons lief het en wil beskerm en bewaar. Ons moet dus hieruit aflei dat 'n eerlike wetenskaplike studie moet lei tot die ontdekking van waarhede omtrent God en sy andersins ongesiene eienskappe.

10. Die Bybelskrywers se stelling aangaande die omvang van die heelal is ook 'n aanduiding van die ouderdom daarvan.

In Gen 22:17, Jer 33:22 en Heb 11:12 word die aantal kinders van God vergelyk met die sterre en met die sand van die see. Die Hebreuse en Griekse telwyses kon getalle op tot biljarde (1000 miljoen) akkommodeer. Ontelbaar sou dus 'n getal ten minste een orde groter as 'n biljard aandui. Sou ons dit aanvaar as die aantal sterre in die hemel en met 'n gemiddelde afstand tussen sterre van 4 ligjare beteken dit dat die deursnit van die heelal ten minste 20 000 ligjaar moet wees. Omdat geen stof of materie vinniger as die spoed van lig kan beweeg nie moet die heelal ten minste 20 000 jaar oud wees.

(Terloops, daar is ongeveer net soveel sandkorrels op ons strande as wat daar volgens die nuutste berekening sterre is!)

11. Die Sabbatdag vir die mens, sowel as die Sabbatsjaar het as grondslag God se werkweek.

Die vierde gebod bepaal dat die sewende dag van die week ge-eer moet word as heilig omdat

"Op die sewende dag het Hy gerus" (Ex 20:10,11).

In Levietikus kry ons ook die gebod vir die Sabbatsjaar.

"Maar in die sewende jaar moet die hele land 'n rustyd hê, 'n sabbatsjaar tot eer van die Here." (Lev 25:4)

Die beginsel wat dus hier geld is die een uit sewe, ongeag of dit dae of jare is en nie noodwendig 'n sewende dag nie.

12. Die dood wat deur die sonde tot die mens gekom het beperk nie die skeppingsdae nie.

"Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het." (Rom 5:12)

Sommige interpreteer dit as sou daar nie 'n dood van enige aard voor die sondeval gewees het nie en daarom kon die skepping dus nie langer as 'n paar dae geneem het nie. Die afwesigheid van die fisiese dood bring egter net soveel probleme vir drie, 24 uur, dae as wat

dit sou wees vir drie miljard dae. Baie spesies kan nie eers drie uur oorleef sonder voedsel nie, en deurdat voedsel op 'n manier tog verorber moes wees beteken ten minste dat sekere plante of plantedele moes gesterf het.

Ander verklaar weer Romeine 5 as sou dit dui op 'n sielsdood. In Genesis word daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen al die diere en die mens "as beeld van God". Van al die skepsels van God erf net die mens die titel van "sondaar". Tog is die hele "aarde deur jou toedoen vervloek" (Gen 3:17)

Die kern van Rom 5:12 is egter dat dit daar nie gaan oor die fisiese of die siele dood nie, maar oor die geestelike dood van die mens. God se opdrag aan Adam was duidelik:

"Die dag as jy daarvan eet, sterf jy." (Gen 2:16)

Adam hét onmiddelik gesterf, al het hy na liggaan en siel nog gelewe, maar hy was afgesny van God, hy het God nou van nature gehaat en hy is verhinder om by die boom van die lewe uit te kom (Gen 3:24).

13. Die onderwerping van die skepping aan die verganklikheid beperk nie die lengte van die skeppingsdae nie.

"Want die skepping is aan nietigheid onderworpe, nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het, in die hoop dat die skepping self ook vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die kinders van God." (Rom 8:20,21 ou vert.) Vir sommige beteken hierdié dat Adam se sonde die fisiese dood, natuurlike agteruitgang of aftakeling en 'n verhoging in entropie gebring het. Verwering en die dood het dus nie voorgekom tot met die sondeval nie. Met kort skeppingsdae sou daar dus ook geen noemenswaardige verweer, aftakeling of veroudering kon gewees het nie.

Dit kan verstaan word as daar gesê word dat aftakeling wel sou plaas vind deur biljarde jare, maar dit is ewe waar dat sonder aftakeling géén werk moontlik is nie, selfs nie vir 24 uur nie. Sonder werk is enige lewe onmoontlik. (Vir die son en sterre om te kan brand moet daar werk moontlik wees en die energie daarvan kon weer lewe gee aan die plante op die aarde.) Dus Rom 8:20,21 kan nie 'n aanduiding wees dat dat die proses van aftakeling eers met die sondeval begin het nie.

Dit is egter net so moontlik dat hier verwys word na 'n ander tipe van aftakeling nl. die ordeloosheid wat ingetree het a.g.v. die mens se rebellie teen God en sy gebod. In Gen 1:28 word die opdrag aan die mens gegee om die aarde te bewerk. Omdat die mens egter gerebelleer het, het presies die teenoorgestelde gebeur. 'n Mens kan dit amper vergelyk met iemand wat sy tweejarige kind stuur om sy kamer en kaste te gaan regpak! So moet die mens eers sy probleem met die sonde oorwin, voordat hy in staat sal wees om hierdie bevel van God na te kom.

Die skeppingsverhaal

1. 'n Wetenskaplike metode van ondersoek.

Om enige teks te kan ontleed behoort daar van 'n wetenskaplike metode gebruik gemaak te word. Astruc, Eichhorn en van die ander "hoër kritici" het nie van bekende metodes, soos wat deur die navorsers van die renaissance ontwikkel is, gebruik gemaak toe hulle hul kritiek op die Bybel uitgespreek het nie. Kortliks bestaan enige wetenskaplike ondersoek uit 'n stelling vanuit watter perspektief 'n saak beskou word (of die vasstelling van die verwysingsraamwerk), 'n vasstelling van die begintoestande, 'n kronologies weergawe van die fisiese gebeure en laastens 'n konklusie van die gegewe feite.

Die hoër kritici van die Bybel het nie hierdie metode gebruik nie. Hul het eenvoudig aanvaar dat die orde van die gebeure in die teks die bedoelde orde was en is ook min aandag aan die tye van die werkwoorde gegee. Terloopse verwysings, indikatoren en ander sintaktiese eienskappe is ook geïgnoreer.

2. Die integrering van Genesis 1 en 2

Die gebeure in Genesis 1 verskil duidelik van dié van Genesis 2. Word daar gekyk na die verwysingsraamwerk van die teks is dit duidelik dat Genesis 1 fokus op die fisiese gebeure van die skepping, terwyl Genesis 2 konsentreer op die geestelike gebeure. Genesis 1 vertel hoe God die aarde voorberei het vir die mens. Genesis 2 vertel hoe God gesag en

verantwoordelikheid aan die mens toegeken het.

In Gen 2:4-25 word die skepping van die mens in meer besonderhede beskryf. Die gedeelte word ingelui deur

"Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde" (Gen 2:4).

Hierdie tipe uitdrukking is dikwels gebruik as 'n opskrif vir 'n nuwe gedeelte. Vergelyk bv.

"Dit is die geskiedenis van Noag" (Gen 6:9),

"En dit is die stamboom van die seuns van Noag" (Gen 10:1) en

"Dit is die stamboom van Sem" Gen (11:10).

Genesis 2:4 slaan ook duidelik terug na Gen 1:1,2 en dit behoort dus as 'n onderopskrif vir Gen 1:1,2 gesien te word. (Die Bybel met verklarende aantekeninge, 1958 : Deel I p 6)

Wat hier tog anders is as in Genesis 1, is die feit dat hier na God verwys word as "Jehova Elohim", wat vertaal word as "Die HERE God" (ou vert.), terwyl in die eerste verhaal slegs die woord "Elohim" gebruik is. In Gen 1 word na God verwys as die "God van krag", terwyl in Gen 2:4 na Hom verwys word as die "God van krag en voleinding". "Jehova" is die groot en onkommunikeerbare naam van God waarin Hy Homself openbaar as "Ek is wat Ek is" (Ex 3:14) en as die God wat alle dinge hul bestaansreg gee. (Matthew Henry, Geredigeerde weergawe, 1974 : 5) Hierdeur wil die Bybel vir ons aantoon dat, hoewel die skeppingsverhaal hier weer aangebied word, daar tog 'n verdere openbaring van God se mag is. In Gen 1 het God die opdrag gegee:

"bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, ...". (Gen 1:28)

In die tweede verhaal kom God self tot die mens se hulp om sy opdrag uit te voer.

"Die HERE God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon." (Gen 2:8)

"Die HERE God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas" (Gen 2:15).

"En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens hulle genoem het, so moes hulle naam wees. (Gen 2:19 ou vert)

God laat Adam nie aan sy eie lot oor om sy taak uit te voer nie, maar Hy tree aktief in om hom daarmee te help.

Die tyd wat gebruik word in Hebreeus vir "geformeer" is die verlede tyd m.a.w. dit was voltooid. Hier is geensins rede om te lees dat die mens voor die diere geskep was nie. Genesis 1 het tog klaar die volgorde aangetoon, terwyl die klem hier val op 'n hulp vir die mens (Gen 2:18). God het geweet het dat daar nie onder die diere vir die mens 'n hulp sou wees nie, maar Hy gee tog vir Adam die opdrag om vir al die diere name te gee en sodoende self agter te kom:

"maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie" (Gen 2:20).

God het dus, in Sy wonderlike almag, sy skepping doelbewus nog nie voltooi sodat Adam self getuie kon wees dat dit God is wat skep en dat alles nie sommer vanself gebeur het nie. Sou Adam en Eva saam geskep gewees het, sou hulle slegs God se woord gehad het dat Hy hulle geskep het. Deur God se plan kon hulle self ervaar dat Hy hulle Skepper is.

3. Die oorsprong van die heelal

Die Bybel begin met die woorde: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep" (Gen 1:1). Die Hebreeus vir hemel en aarde is "shamayin" en "erets" wat, wanneer dit saam gebruik word, verwys die totale fisiese heelal. Die Hebreeus vir skep is hier "bara" wat beteken om iets uit niks voort te bring. Hierdie vers vertel vir ons dat God al die basiese bousteene (die ruimte, tyd, materie, energie, galaksies of melkweë, sterre, planeete ens.) van die heelal uit niks geskep het.

4. Die spesifieke verwysingsraamwerk van die skeppingsverhaal

Ongelukkig fouteer die meeste bybelkommentators saam met Jean Astruc en die ander hoër

kritici deur die beskouingspunt vir Genesis 1 buite in die ruimte te plaas en dan daarvan af te kyk na die aarde. Die tweede vers van Genesis plaas egter ondubbelsinnig die beskouingspunt onder die wolkkombers op die oppervlakte van die waters.

"Maar die Gees van God het oor die waters gesweef" (Gen 1:2).

Hierdie oënskynlike nietige puntjie verwyder talle struikelblokke tussen die Bybelse volgorde van gebeure en dié van die wetenskap. Die wonderwerke wat plaasvind word beskryf asof iemand op die aarde en onder die atmosfeer van die aarde is en nie in die buitenste ruimte nie! Dit is byna vanselfsprekend dat die verhaal vanuit hierdie gesigspunt vertel sou word aangesien dit maar in die laaste paar eeue is dat die mens 'n meer volledige beeld van die heelal het.

'n Mens sou verwag dat dit vir die moderne mens maklik sou wees om ook hierdie gesigspunt te verstaan, maar dit wil voorkom asof dit nie die geval is nie. Almal, wanneer daar oor die skepping van die aarde gepraat word, sien dit soos die satellietfoto's wat die weerspatrone vir ons op televisie weergee.

5. Die begintoestande

Gen 1:2 gee vir ons nog die volgende inligting aangaande die begintoestande op die aarde.

"Dit was donker op die diep waters"

Die aarde was "woes" (ou vert.)

Die aarde was "leeg" (ou vert.)

Aangesien Genesis 1 konsentreer op die skepping van lewe op die aarde kan ons ook hierdie "woes" en "leeg" in terme van die lewe op die aarde interpreteer. Die aarde was dus in die begin, heeltemal ongeskik om lewe van enige aard te kon huisves - letterlik leeg van enige lewe. Daar word ook vertel dat die aarde donker was.

Sterrekundige gegewens dui daarop dat die aarde in die begin 'n atmosfeer met groot hoeveelhede koolstofdiksied, stikstof en waterdamp met heelwat inter planetêre afval en ook stof a.g.v. die baie vulkaniese aktiwiteite gehad het waardeur lig nie kon dring nie (Seeds, 1985 : 352, 357). In hierdie omstandighede kon geen lewe bestaan nie.

6. Die volgorde van die skeppende gebeure.

Noudat die verwysingsraamwerk gevestig is en die begintoestande beskryf is kan daar na die volgorde van die skeppingsgebeure gekyk word. Wat eers onverstaanbaar was sal nou blyk logies en duidelik korrek te wees.

Ons moet ook daarop let dat hier van ses verskillende werkwoorde gebruik gemaak word om die skeppingsverhaal te lees. "Bara" word na Gen 1:1 slegs nog twee keer gebruik nl. in die skepping van "nephesh" (siellose diere met 'n verstand, wil, emosies soos voëls en soogdiere) en "adam" die skepsel wat toevertrou is met die eienskap om self te kan reageer teenoor God as sy Skepper. Die onderstaande tabel gee die volgorde van die skepping soos vervat in die Bybel én die wetenskap.

Die Bybel	Die wetenskap
In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis... en die Gees van God het gesweef op die waters (Gen 1:1,2)	Heelal (oerknal): +-13milard jr. gelede. Son: +-5miljard jr. gelede en die aarde: +-4,5miljard jr. gelede. Aarde se atmosfeer was donker en ondeursigtig.
Dag 1: "Laat daar lig wees" (Dag en nag)	Atmosfeer verander van heeltemal donker na ligdeurlaatbaar / deurskynend. Dag en nag kon deur die wolke gesien word.
Dag 2: "God het die gewelf gemaak en die waters onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf."	Stabiele watersiklus ontwikkel. See en kontinente word gevorm.
Dag 3: "Laat daar uit die aarde groenigheid kom"	Plante verskyn. Fotosintese begin.
Dag 4: "Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om die dag en nag te skei." (Son, maan en sterre)	Atmosfeer nou deursigtig. Weens die fotosintese van die plante was die atmosfeer vir die eerste keer skoon genoeg sodat die son, maan en

	sterre duidelik gesien kon word.
Dag 5: "Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg"	Visse en voëls verskyn op die toneel
Dag 6: "Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard." (Diere) "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger"	Nog diere, veral warmbloedig, verskyn op die toneel. Die mens kom ook op die toneel (heel laaste)

Deur die beskouingspunt of perspektief van die skrywer (en leser) te verander is alles nou skielik verstaanbaar en val alles in plek. Vir 'n waarnemer op die aarde sou sy eerste gewaarwording van die son die flou lig wees wat deur die mis van die wolke sou geskyn het. Hy sou nie in staat gewees het om die son of die sterre te kon sien nie.

Die aarde sou later genoeg afgekoel het om 'n stabiele watersiklus tot gevolg te kon hê. Terselfdertyd is die kontinente gevorm. Daar was sonlig (alhoewel die son self nog nie gesien kon word nie), water en grond beskikbaar. Nou kon plante op die aarde uitspruit.

Deur die fotosintese van die plante is die atmosfeer stadigaan gesuiwer totdat dit mettertyd moontlik was om die son, maan en te sterre te kon sien. Hoe merkwaardig dat die wetenskaplike bevindinge en die Bybel so absoluut met mekaar ooreenstem!

God het nie die verhaal opgeskrywe as 'n handboek vir 'n wetenskaplike nie. Nee, dit is in 'n liedvorm geskryf sodat die kleinste kind dit kon leer, memoriseer en verstaan. Tog in die verhaal se eenvoud lê sy skoonheid en staan sy akkuraatheid uit wat 'n mens verstom! Die begintoestande van die heelal en die aarde is akkuraat beskryf. Die volgorde van die gebeure op die aarde is korrek en laastens word die mens, as die kroon van God se skepping, ook korrek aangedui as die een wat laaste gekom het. Dit kan net nie toevallig wees nie!

Die verskyning van die moderne mens

Volgens Genesis 1 het die skepping van die heelal die skepping van die mens voorafgegaan en het Adam en Eva eers teen die heel einde van die skepping op die toneel verskyn. Bybelse geslagsregisters kan 'n aanduiding gee van wanneer die mens verskyn het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit maar 'n baie losse meetinstrument is. Die probleem is dat die woorde " 'ab" en "ben" in Hebreeus vir vader en seun, net sowel gebruik is vir oupa, oupagrootjie en groot groot oupagrootjie, terwyl "ben" kan staan vir seun, kleinseun, agter kleinseun.

In Daniël 5:11 lees ons dat die koningin verwys na Nebukadnesar as Belsasar se vader (ou vert), terwyl ons uit die geskiedenis weet dat ten minste twee ander konings tussen hulle was en dat hulle dalk nie eers familie was nie. Dieselfde tendens sien ons ook in Matt 1 waar Jesus se geslagsregister aan Josef se kant vir ons gegee word. Vergelyk ons dit met 1 Kron 3 sien ons dat daar bv. tussen Jotam en Joram ten minste 3 geslagte uitgelaat is. Die geslagsregisters van 1 Kronieke was vrylik beskikbaar in Matteus se tyd, dus het hy dit nie uitgelaat omdat hy nie geweet het van hulle nie, maar omdat hy gemeen het die persone was nie belangrik genoeg om opgeneem te word nie. Skattings oor die Bybelse datums vir die skepping van die mens wissel van 10 000 tot 30 000 v.C. (De Villiers, 1992)

In Gen 1:26 word daar na die mens "adham" en slegs na die mens verwys as na die beeld van God geskape. Hierdie punt word nadruklik herhaal in Gen 1:27. Soos die skeppingsverhaal verder ontvou is dit duidelik dat die mens van die res van die skepping verskil deurdat hy 'n lewende wese of siel (Gen 2:7) geword het. Die mens was die enigste skepsel wat in 'n persoonlike verhouding met God gestaan het. Hy alleen kon kommunikeer met sy Skepper.

"Die mens is 'n wese wat kan besluit wat hy is. Dit is 'n wese met die vermoë om tot die vlak van 'n dier te daal, maar ook om uit te styg tot 'n heilige lewe. Die mens is die wese wat die gaskamer uitgevind het én hy is die wese wat in daardie gaskamers in gestap het met die Onse Vader of 'n Joodse sterwensgebed op die lippe." (Frankl, 1982 : 39)

Getuienis oor die mens as lewende wese of siel sou dus insluit tekens van goddelike aanbidding soos godsdienstige handeling, altare en tempels. Van 'n Bybelse perspektief sou tekens van versierings, begrawing van die dooies of die gebruik van gereedskap nie

kwalifiseer as voldoende getuigenis van 'n lewende siel nie. Ons weet ook dat sekere voëlsoorte hul neste versier, olifante soms hul dooies begrawe en sjimpansees en bobbejane gereedskap gebruik.

Argeologiese gegewens dui daarop dat groot, tweevoetige en grootbrein homonides so lank reeds as 1 miljoen jaar gelede bestaan het. Die eerste tekens van religieuse handeling en altare dateer maar tot so onlangs as 8000 tot 24000 jaar terug. Die sekulêre antropologiese datums vir die eerste geestelike wesens is dus in volkome harmonie met die Bybel.

Daar bestaan egter nog belangrike verskille tussen die Bybel en die sekulêre antropologie. Die Bybel ontken dat die homonides mense was en dat Adam direk van hul afgestam het. Tog kom daar selfs vanuit die antropologie ondersteuning vir hierdie sienswyse aangesien daar tekens is dat die homonides uitgesterf het voordat die mens op die toneel verskyn het of selfs a.g.v. die verskyning an die mens! Ten minste word die uiters skielike veranderinge vanaf die hominides tot die mens wyd erken. (Ross, 1989 : 159-160)

Weereens kan ons maar sê - geen toeval nie!

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde,
hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!

Kinders en suigeling besing die magtige werk
wat U tot stand gebring het.

So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges tot swye gebring."

(Ps 8:2,3)

Argeologiese bewyse

Jean Asruc en Johann Eichhorn het reeds in die 18e eeu beweer dat die Bybel uit laat onbetroubare dokumente van ongeveer 800 v.C. tot 500 v.C. bestaan. (Ross, 1989 : 162) Ons het reeds bewys dat die skeppingsverhaal a.g.v. die ooreenstemming met die wetenskap nie net mites kan wees nie. Hierdie mense het ongelukkig ook te gou gepraat wat die geskiedkundige betroubaarheid van die Bybel betref.

Die argeologiese ontdekking het min of meer begin toe Paul Emile Botte in 1843 in Mesopotamië in Chorsabad afgekom het op reliëfbeeld van die Assiriese koning Sargon II, wat Israel en sy mense weggevoer het. Die verowering van Samaria word o.a. daarin beskryf. (Keller, 1982 : 10) Dit was egter 'n lang en moeisame pad. Geskiedkundige geskifte moes ontsyfer word, brokstukkies moes een vir een ingepas word om sin te kon maak uit die groot legkaart. Maar dit wat na vore kom toon duidelik dat die Bybel waar is. Werner Keller skryf dan ook in sy voorwoord:

"Baie mense was en is die mening toegedaan dat die Bybel uitsluitlik heilsgeskiedenis is, die onderpand van die geloof van christene oor die hele wêreld. Dit is egter ook 'n kroniek van gebeurtenisse wat werklik plaasgevind het. Weliswaar is die Bybel onvolledig in dié sin dat slegs die Joodse volk en sy geskiedenis opgeteken het met die blik op Jahwe, en dus uit die perspektief van sy eie skuldige en sondige verhouding tot God. Maar al hierdie gebeurtenisse is histories juis en met verbluffende akkuraardheid geboekstaaf." (Keller, 1982 : 11)

Die opgrawings van stede, reunes, kleitablette, myne en baie ander losstaande artikels vertel almal net een verhaal: Die mileu wat die Bybel beskryf waarin die mense gelewe het, is korrek beskryf. Dit het ons baie meer begrip gegee vir die omstandighede waarin daardie mense gelewe het en hoekom sekere dinge gestel is soos dit gestel is. Om maar een voorbeeld te gee.

Die vraag was bv. altyd gevra: Hoekom het Dawid met die inname van Jerusalem vir sy manskappe gesê:

"Elkeen wat 'n Jebusiet wil verslaan, moet eers die watertonnel, ... in die hande kry." (II Sam 5:8)

Oos van Jerusalem, in die Kidron vallei, lê die Ain Sitti Marjam, die "fontein van die maagd Maria". In die Ou Testament het dit Gihon geheet. Hierdie was die vernaamste waterbron vir Jerusalem. 'n Mens stap met omtrent dertig treetjie af in 'n grot om by die fontein te kom. In 1867 het kapt. Warren in die grot 'n skag en gangetjie ontdek wat tot by die ou stadsmuur

loop. Hierdie tunnel is waarskynlik al meer as 20 eeue v.C. gegrawe. Tydens 'n beleg van die stad kon die inwoners dan sodoende toegang tot die bron kry vir hulle watervoorraad. Dawid het dus op een of ander manier van die bestaan van hierdie tunnel bewus geraak en daarom kon hy dit gebruik om Jerusalem te verower. (Keller, 1982 : 154)

Die vraag is ook al gevra waarom daar so min geskifte in Palestina gevind is? In Egipte is wavrage vol papyrusrolle gevind, in Babilonië en Assirië hope spykerskriftablette. Die rede hiervoor is dat ongeveer 1000 jaar v.C. daar oorgeskakel is van die dik kleitablette en die hoekige spykerskrif na dun, gebrande kleitablette en ink. Die ink is ook op papyrus gebruik. Ongelukkig is die koue en nat klimaat van Palestina glad nie geskik vir die veilige bewaring van die ink en papyrusrolle nie en het daar baie min van behoue gebly. Die feit dat daar in Egipte soveel van hierdie rolle bewaar gebly het is net te danke aan die nabyheid van die woestyn en die droë klimaat. Die woestyn klimaat is dan ook die rede waarom die Dooie See geskifte bewaar kon bly.

Ten spyte van al hierdie ontdekkings is daar ongelukkig nog steeds baie mense wat Asruc en Eichhorn se teorie glo. In die proses is die saadjie van twyfel oor die egtheid van die Bybel egter gesaai. Met dié twyfel in die hart kan so 'n mens dan ook baie moeilik die Bybel as die ontwyfelbare woord van God aanvaar en die beloftes daarin vervat hul eie maak.

Opsomming

Om die Bybel te kan verstaan, moet ons Galileo se waarskuwing ernstig opneem. Hy het reeds is sy tyd aangetoon dat die skrywer se verwysingsraamwerk deeglik in ag geneem moet word met die eksegeese van enige stuk.

Vir ons vandag is dit baie moeilik om altyd die leefwêreld van mense wat duisende jare gelede geleef het, te verstaan. Tog het ons genoeg bewyse dat die Bybel, getrou aan die aard van God, nie vol historiese en wetenskaplike foute is nie. Ons kan dit wat daarin vir ons vertel is ten volle aanvaar as die geïnspireerde Woord van God (II Petr 1:21)


Aan die ander kant sal 'n mens egter nooit die Bybel as 'n wetenskaplike of geskiedenis handboek kan voorskryf nie. Dit is tog nie waarvoor dit geskryf is nie. Die Bybel is geskryf sodat

"julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê." (Joh 20:31)

God gee vir ons in sy Woord meer as genoeg bewys dat ons sy Woord ten volle kan aanvaar ter wille van die evangelie van Jesus Christus. Kom ons aanvaar die Skrif ten volle, sodat ook God se beloftes daarin vir ons eie kan word.

Ek glo Here... Kom my ongeloof te hulp!

Die liefde van 'n medemens



Die liefde van christene tot die mens in nood.

"Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword. Sy het vir Kain in die wêreld gebring en uitgeroep: "Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!" " (Gen 4:1)

In die vorige gedeeltes is daar gelet op die skepping en die Woord van God en hoe dit deur God daar gestel is om die mens tot geloof te bring. God wil egter dat christene se liefde vir mekaar en vir ander wat nog buite die geloof staan, moet meehelp om die ongelowige na Hom te bring. Daardie eerste huisgesinnetjie op aarde se liefdesband moes ook getuig van God, hul Skepper, se liefde. Die opdrag van Jesus in Matteus 22 is bv. baie duidelik:

"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". (Matt 22:39)

Die Bybel stel dit in baie duidelike terme dat die liefde die vervulling van die wet is.

Julle moet niemand iets veskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. Al die gebooe: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie", of watter ander gebod daar ookal is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Die liefde doen die naaste geen kwaad nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."

Waarom is liefde so belangrik? Want God self is liefde.

"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."

Jesus het die christendom daartoe beveel.

"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê." (Joh 13:34)

Jesus vervolg egter dadelik met 'n baie belangrike rede hoekom Hy vir ons hierdie gebod gegee het.

"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." (Joh 13:35)

Jesus het as mens aarde toe gekom en as die Volmaakte was Hy ook in staat om die hele gebod van God te onderhou. Deur sy lewe het hy getoon wat God se liefde vir die mens regtig beteken.

"Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly." (Joh 15:9)

Die vier evangelies in die Bybel het talle voorbeelde aangehaal waar Jesus deur sy lewe en werk mense na Homself en na God toe getrek het. 'n Paar bekende voorbeelde is:

"Twee blindes wat langs die pad het, het gehoor dat Jesus verbykom. Toe roep hulle uit: "Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!" ... Jesus het gaan staan, hulle geroep en gevra: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" Hulle sê toe vir Hom: "Here, dat ons oë kan oopgaan." Jesus het hulle innig jammer gekry en hulle oë aangeraak. Dadelik kon hulle sien en het hulle Hom gevolg." (Matt 20:30-34)

"Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hoof tollenaar, 'n ryk man. Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te klein was. ... Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan." Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydschap ontvang. ... "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."" (Luk 19:1-9)

"Daar kom toe 'n vrou water haal, en Jesus sê vir haar: "Gee My 'n bietjie water om te drink." ... Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom sal Hy alles aan ons bekend maak." Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat." ... Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?" ... Nog baie meer van hulle (Samaritane) het toe tot geloof in Hom gekom op grond van wat Hy gesê het; en hulle het vir die vrou gesê: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is."

Al drie hierdie ontmoetings illustreer Jesus se intense belangstelling in die mens. Vir Hom is die mens nie maar net 'n nommer op 'n ID boek nie. Nee, Hy sien elkeen persoonlik raak. Wat anders het Saggeus oortuig? Daar was nie 'n wonderwerk waardeur Saggeus gesond geword het nie. Nee, die wonder was dat Jesus vir hom as 'n sondaar raak gesien het. Dat Jesus weer vir hom menswaardigheid gegee het.

Dieselfde kan ook van die Samaritaanse vrou gesê word. Hier was 'n man wat haar nie veroordeel het nie, wat uitgereik het na haar as mens en wat bereid was om vir haar iets onvoorwaardelik te gee die water van die ewige lewe.

Die uiterste vorm van liefde is:

"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê." (Joh 15:13)

Weereens het Jesus self getoon dat Hy ons so liefhet dat Hy sy lewe vir ons afgelê het!

Hoe groot is die liefde en genade van God nie! Hoe smag die wêreld nie na die onvervalste liefde van Christus Jesus nie!

'n Mens kan redeneer: Dit is goed en wel dat Jesus al hierdie dinge gedoen het. Hy het egter opgevaar na die hemel om aan die regterhand van die Vader te sit. Hoe kan die wêreld Hom vandag sien?

In God se groot raadsplan het Hy ook hiervoor voorsiening gemaak. Jesus het sy dissipels se ontsteltenis oor dieselfde vraag duidelik beantwoord.

"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat hy by julle bly en in julle sal wees." (Joh 14:15-17)

Dit is duidelik dat die wêreld nie vir God kan sien nie, ook nie die Gees van die waarheid, die Trooster en Helper nie, maar die wêreld sien elke dag, elke oomblik christene, en hoe hulle optree.

Jesus, as die gestuurde van God

"Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het." (Joh 5:36)

Maar Jesus het ook vir ons op dieselfde wyse gestuur om sy verteenwoordigers hier op aarde te wees. In Jesus se gebed het Hy dit so gestel:

"Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld gestuur; en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees." (Joh 17:18)

As ons maar iets kan verstaan omtrent die belangrikheid van ons as christene se optrede elke dag! Daardeer is ons in staat om God te verheerlik of om God se Naam te beswadder.

Paulus se toewyding aan God ook in moeilike omstandighede (Hand 27 en 28)

Kom ons let op 'n gebeurtenis in die apostel Paulus se lewe om dit wat Jesus vir ons almal bedoel het te illustreer. Na Paulus se gevangeneeming a.g.v die oproer in Jerusalem het hy hom op die keiser beroep. (Hand 25:11) Na 'n tyd is Paulus oorhandig aan Julius, 'n offisier van die keiserlike regiment.

Lukas, die skrywer van die boek Handeling, staan 'n volle twee hoofstukke aan hierdie reis af. (Hand 27 en 28) Lukas was waarskynlik saam met Paulus gewees aangesien hy in die vertelling verwys na "ons". Vir hom moes die gebeurtenisse op hierdie reis belangrik genoeg gewees het om iets te toon van die werking van die Heilige Gees in 'n christen se lewe en die invloed daarvan op ons getuienis.

Nadat Paulus hulle vertrek het, het hulle baie stadig gevorder tot by Mooi Hawens, omdat "dit het al gevaarlik begin word vir skeepvaart, want dit het al winter begin word". (27:9) Paulus waarsku hulle toe:

"Manne, ek sien dat ons vaart van nou af gevaarlik sal wees en dat daar nie net groot skade aan die vrag en die skip gaan kom nie maar ook lewensverlies." (27:10)

Die offisier het egter meer waarde geheg aan die skeepskaptein se mening as aan Paulus s'n. As christene dink ons maklik: "Wat 'n ongelowige offisier!" Tog kan 'n mens ook sien dat die offisier die regte besluit geneem het. Wie was Paulus dat hy meer as die skeepskaptein sou weet van die see en die weer? Na alles, Paulus was maar net 'n gevange oor 'n godsdienstige opstand.

Die verhaal gaan verder waar hulle dan wel voortgaan met die reis en dan word hulle in die storm vasgevang. Dit is opmerklik dat Paulus die besluit van die offisier aanvaar het en dat hy nie alles in sy vermoë gedoen het om hom tot ander insigte te bring nie. Intussen het die storm al erger geraak.

"Dae lank was die son en die sterre nie te sien nie en het die geweldige wind voorgewoed. Uiteindelik het ons alle hoop laat vaar om gered te word." (27:20)

Nou kon Paulus weer optree. Sy boodskap aan die mense was 'n boodskap van hoop.

"Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta af weggevaar het nie. Dan sou ons hierdie ramp en skade vrygespring het. Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan. ... Die engel het vir my gesê: "Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is." Daarom, hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het. Dit is so bestem dat ons êrens op 'n eiland moet strand." (Hand 27:21,22)

Paulus het nie opgetree voordat God deur 'n engel aan hom verskyn het nie. Hy het in

volkome afhanklikheid van sy Hemelse Vader gelewe. Paulus se gesag was nou gevestig.

Nou kon die offisier vir Paulus vertrou en hy doen dit ook! Die offisier keer, op Paulus se aanbeveling, dat van die matrose in die bootjie wegvlug. Hulle neem ook voedsel en nadat Paulus (vir almal) gedank het het hy en almal begin eet en daardeur moed geskep. Nadat almal genoeg geëet het, het hulle die vrag koring in die see gegooi om die skip nog ligter te maak wat 'n geloofsdaad! (Hand 27:30-38)

Almal het veilig aan land gekom. Weereens het Paulus se woord waar gekom.

Die gebeure op die eiland, die slang wat Paulus pik, die genesing van Publius se pa asook ander siekes, het die mense van die eiland se harte vir Paulus hulle oopgemaak sodat hulle hulle met baie geskenke vereer het en hulle van alles voorsien het vir hulle verdere reis. (Hand 28:1-10)

Lukas beskryf nie vir ons of enige van hierdie mense tot geloof in Jesus Christus gekom het nie, maar ons kan seker wees dat daardie afdeling soldate nie sou stilbly oor wat gebeur het nie. Paulus se vergunning om alleen te kon bly, net met 'n soldaat om hom op te pas, kan sekerlik ook te wyte wees aan hierdie gebeure. (Hand 28:16)

Jesus het nie belowe dat Hy ons uit alle gevaar sou red nie, maar Hy het ons na die wêreld gestuur net soos wat Hy gestuur was. (Joh 17:18) Net soos wat hy deur al die swaarkry van die wêreld moes gaan moet ons ook.

Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword" (Hebr 5:8,9)

Paulus se hele optrede tydens hierdie gebeure het getuig van iemand wie se lewe in 'n Hoër Hand was. Iemand wat 'n persoonlike verhouding met sy God gehad het en wat dit ook ondubbesinnig uitgeleef het.

Die christen se lewe 'n inset tot 'n medemens se geloof

Hoe moeilik maak ons dit nie soms vir mense om die evangelie van Jesus Christus te glo deurdat ons lewens nie altyd getuig van God se genade nie. Petrus beklemtoon die belangrikheid daarvan as hy die uitverkorenes aanspreek om heilig te lewe.

"As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee soos Hy wat julle geroep het heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig."" (I Petr 1:14-16)

"Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat. ... Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê." (I Petr 2:15,17)

Paulus bevestig dieselfde gedagte.

"Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot daad oorgaan." (Gal 5:6)

Uit die Skrif is dit duidelik dat die liefde wat christene teenoor mekaar asook teenoor die wêreld leef, 'n kragtige argument is vir enige mens om tot geloof te kom. Sou die gelowiges se lewe egter van die teenoorgestelde getuig, soos ongelukkig dikwels gebeur, is dit net so 'n groot struikelblok wat ons in die ongelowige se pad lê om tot geloof te kom. Jesus se waarskuwing geld ook vir ons

"Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom." (Matt 18:7)

Kom ons rig ons lewens so in dat God daardeur verheerlik kan word.

"Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."


Opsomming

Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Daardeur is ons verseker van God se liefde vir die mens. Elke christen het die roeping en taak om ook hierdie selfde liefde uit te leef om so God se

koninkryk op aarde uit te brei.

Ek glo Here... Kom my ongeloof te hulp!

Die hoop van die evangelie



Die evangelie van Jesus Christus

Die hulpelose toestand van die mens voor God

"Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is. Die Here God het die mens uitgedryf, en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook 'n vlamme swaard wat heen en weer beweeg het." (Gen 3:23,24)

Die mens is vandag nog uitgesluit met geen toegang tot die boom van die lewe nie. Die spontane kontak wat daar tussen die mens en sy Skepper was, is verbreek. Tog poog die mens steeds om op verskeie maniere hierdie leemte, wat deur hierdie skeiding ontstaan het, te vul en te oorbrug. Van die primitiefste volke af, van die mens se geskiedenis bekend is, het volke op een of ander manier gepoog om weer by God uit te kom.

Waar is die pad na God? Die populêre antwoord is dat die mens sy lewe moet inrig volgens die gebod van God. So kan hy sy plekkie in die tuin van Eden weer verdien. Die leuen van die slang word nog steeds geglo:

"Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." (Gen 3:4)

Steeds probeer die mens om soos God te wees. Die mag van die leuen is daarin geleë dat dit op halwe en verdraaide waarhede gegrond is. Deurdat dit so na aan die waarheid is, is die verskriklike gevolge van die leuen waarheid verberg. Nooit het Adam en Eva besef dat hulle siele wel nie sal sterwe nie, maar dat hulle gemeenskap met God sou sterf, dat die mens wel soos God sal wees deurdat hulle sal weet wat reg en wat verkeerd is, maar dat deur dieselfde kennis hul kennis van God en openheid teenoor God ernstig benadeel sou word. Die hele doel van die leuen was om God se gesag af te breek en om skeiding te bring tussen die mens en

God.

Die vlamme swaard weerhou vandag nog die mens om by God te kom. God kan weens Sy heilige aard nie die mens in sonde voor Hom verdra nie. Tog was God die mens genadig. Hy is nie onmiddelik na die graf gestuur nie - dit kon God tog gedoen het - nee, hy is terug gestuur na die grond waaruit hy geneem is. Die mens is alle toegang tot die tuin, en die boom van die lewe, verbied, maar tog is God die mens genadig om vir hom velklere te maak. God het die mens selfs gehelp om dit aan te trek! Let op na die simboliek van hierdie daad van genade!

Adam en Eva se eie pogings om hulle naaktheid te bedek was maar power. Die vyeblare wat hulle aanmekaar gewerk het was nie goed genoeg om hul toe te laat om voor God te verskyn nie. Hulle moes nog wegkruip tussen die bome om hulself vir die heilige God te verberg.

"en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"

en die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip." (Gen 3:8 10)

God het toe self vir die mens en sy vrou velklere gemaak. Daar moes diere geslag word om die velle te kon voorsien. Hierdie klere moes hul beskerm teen die elemente van die natuur buite die beskutting van die tuin van Eden. Maar dit dui ook op God se genade hoe hy eeue later sou ingryp om deur sy Seun se bloed die mens se sonde te oordek en sy skuld te betaal.

Die slang was reeds in Eden vervloek en die belofte was

"Haar nageslag sal jou kop vermorsel..."

Alhoewel Adam dit seker nie verstaan het nie, kon hy tog vashou aan God se beloftes. God het Homself reeds aan Adam geopenbaar as betroubaar en 'n waarmaker van sy woord.

Stadig deur die geskiedenis van die mensdom het God Homself alhoemeer geopenbaar aan die mens. Hoogtepunte is o.a.

die verbond met Abraham (Gen 17),

die roeping van Moses (Eks 20),

die wet wat vir die volk Israel gegee is (Gen 20) en

die hoogtepunt in die volk Israel se geskiedenis onder die koningskap van Dawid en Salomo.

Tog blyk dit deur die geskiedenis, dat die mens net eenvoudig nie by magte is om self by God uit te kom nie. Die volk Israel het in twee versplinter, hulle is weggevoer in ballingskap.

Waarskuwings van profete het keer op keer op dowe ore geval.

Die misrabele toestand van die mens word op 'n byna depressiewe noot deur die Prediker geskilder. Hy het alle moontlike voorspoed op aarde gesmaak en beleef. Hy het kennis en insig gehad, hy kon die lewe op enige manier geniet, maar tog kom hy tot die ontstellende ontdekking:

"Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie." (Pred 7:20)

Hierdie paadjie wat die mensdom geloop het en soos dit veral in die volk Israel beskrywe is, word in die klein byna net so deur elke mens geloop. Net soos Adam voor God moes erken dat hy naak is, net so moet elkeen ook eers die hopeloosheid van sy persoonlike toestand voor God besef voordat God kan ingryp om te help.

Die ingrepe van God

Reeds aan Adam en Eva het die belofte gekom het dat die slang se kop vermorsel sou word. Hoe sou dit egter moontlik wees uit Eva se nageslag as die mens op geen manier self by God kon kom nie? Paulus antwoord soos volg:

"Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot die hele wêreld deurgedring, omdat almal gesondig het. ...

Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk. ... Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur

hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorfloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer." (Rom 5:12 21)

Wie is hierdie Een; Jesus Christus?

"Die Seun is die beeld van God,
van God wat self nie gesien kan word nie.

Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.

God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is: ...

Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel,
deur Hom het Hy alles op aarde en in die hemel met Homself versoen."

(Kol 1:15 20)

Maar hoe het God deur sy Seun die vrede kom herstel?

Net soos wat die diere geslag moes word om vir die mens velklere te kon maak, net so moes Jesus geslag word om die mens se sonde te kon uitwis.

"Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig." (Hebr 13:12)

Petrus stel dit soos volg:

"In sy groot ontferming het Hy (God) ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word julle ook deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word." (I Petr 1:3 5)

So het God se belofte waar gekom dat die slang se kop vermorsel sou word deur Eva se nageslag. Nou kan ons saam met Paulus uitroep:

"Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here." (Rom 7:24)

Die lewe in geloof

As ons sou glo in die evangelie - is dit dan al? Ja, geloof is al wat nodig is, maar tog moet ons daarop let dat geloof 'n totale ommeswaai van die mens vereis. Geloof kan nie in ons lewens werksaam wees as dit nie ook 'n duidelike invloed op ons lewenswandel het nie. Jesus se waarskuwing geld nog steeds vir elke mens:

"Nie elkeen wat vir My sê: "Here, Here," sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is."

Die verkondiging van die evangelie

Alles wat ons tot nou toe bespreek het, help egter niks as daar nie iemand is wat die evangelie, die goeie boodskap van verlossing deur Jesus Christus, verkondig nie. Dit is ook die groot en laaste opdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het voordat Hy na die hemel toe opgevaar het.

"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word."

Ons as lidmate van die kerk van Christus moet onself gedurig ondersoek of ons eerste prioriteit steeds is om God se koninkryk hier op aarde te huisves. Ons kan nie almal sendelinge wees nie, nie almal predikers nie, maar watter dienswerk ons ookal beklee, dit moet altyd gerig wees om God se koninkryk hier op aarde uit te brei. Paulus se standpunt rondom die evangelieverkondiging stel hy duidelik:

"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek vir die Jood, maar ook vir die nie Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hul sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo sal lewe.""

(Rom 1:16,17)

"Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is. Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is." (Kol 1:5-8)

Opsomming

God het die mens uit Eden uitgedryf. Deur sy Seun, Jesus Christus, het Hy egter vir die mens 'n nuwe tuiste voorberei, die nuwe stad Jerusalem, die nuwe hemel en aarde waarin Hy vir ons wat glo elkeen 'n plek voorberei het. En in sy huis is daar baie woonplek, waarheen Jesus ons sal neem as Hy weer kom op die wolke as oorwinnaar en koning."

"Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Afstammeling, die Nakomeling van Dawid. Ek is die Môrestêr."

Die Gees en die bruid sê: "Kom!"

en elkeen wat die hoor, moet sê: "Kom!"


en elkeen wat dors het, moet kom;

elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!" (Open 22:16,17)

Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" (Open 22:20)

Ek glo Here... Kom my ongeloof te hulp!

Die Heilige Gees



God die Heilige Gees se inspraak op die mens se lewe

God se soeke na die mens

"Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekuip tussen die bome van die tuin. Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" "

'n Mens sou kon dink, na alles wat tot dusvêr gesê is, dat die mens tot geloof in God behoort te kan kom. God het immers soveel vir ons gegee om ons van sy liefde en genade te oortuig. Sy skeppingswerk is daar, die Skrif, die lewe van gelowiges op aarde, Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar ter wille van ons nie, maar Hom oorgegee om gekruisig te word in ons plek. Wat meer kan God doen?

God weet egter dat die mens in homself so verdorwe is dat hy nie tot God kan nader nie. Die basiese versoeking wat deur die slang tot Eva gekom het, was:

"dan sal julle soos God wees." (Gen 3:4)

Die strewe om soos God te kan wees is nou so ingewortel in die mens, so deel geword van sy instink en natuur, dat hy nie in staat is om self daarvan te ontkom en homself aan God te onderwerp nie. Dit is 'n halwe waarheid, 'n leuen, om te glo dat die mens maar net nou en dan 'n sonde doen. Nee, die mens het self sonde geword, elke lewenssel in hom roep teen God uit.

"Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op die aarde is en dat hy net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daarvoor dat hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief." (Gen 6:5,6)

"Die Here het die offer (van Noag) aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n

ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos ek gedoen het nie." " (Gen 8:21)

Om dan terug te keer na ons vraag, "Wat meer kan God doen?": In Esegïël lees ons:

"Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggeme uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal My Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom." (Es 36:26,27)

Hoe groot is God se genade nie! Hy het nie net sy Seun gegee nie, maar ook sy Gees om ons te oortuig om Hom te erken as God en Heer. Die Skrif herhaal dit soveel keer.

"Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond.

Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge." (Jes 44:3)

"Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want u is die Here my God (Jer 31:18)

"God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het." (Rom 5:5)

God het weereens die mens opgesoek waar hy wegkruip in die tuin van die sonde. Deur sy Gees soek hy steeds, elke dag, na verlore nes.

"Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: "Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie," (Hebr 3:7)

As ons oor die werking van die Heilige Gees praat, moet ons ook die uitverkiesende genade van die God uitlig. God is God. Hy het in sy almag bepaal hoe sy genadeplan sou funksioneer. Paulus skryf in die Romeinebrief:

"Rebekka was net een keer swanger, deur ons voorvader Isak. Toe haar kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaad gedoen het nie, toe is daar al vir haar gesê: "Die oudste sal die jongste dien." Daar staan ook geskrywe: "Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat." Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep."

Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Beslis nie! Vir Moses het Hy gesê: "Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm." ... Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil." (Rom 9:10-18)

Paulus vra dan verder self die vraag:

"Maar waarom verwyt Hy ons dan nog? Wie kan per slot van rekening teen sy wil ingaan?" (Rom 9:19)

Hy antwoord self deur daarop te wys dat God kan doen wat Hy wil, maar ook dat Hy dit doen om sy heerlikheid bekend te maak.

"Mens wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: "Waarom het jy my so gemaak?" ...

"Daarom het Hy die voorwerpe van sy toorn, die mense wat reg was om verdelg te word, met groot geduld verdra. So sou Hy ook die rykdom van sy heerlikheid bekend maak oor die voorwerpe van sy ontferming, die mense wat Hy vantevore vir die heerlikheid voorberei het." (Rom 9:20-23)

Die onverstaanbare van God is egter dat Hy nie die mens soos 'n robot hanteer nie. Steeds het die mens die reg om self sy besluite te neem. Net soveel as wat die Bybel praat van God se uitverkiesing, net soveel praat hy oor die mens se eie verantwoordelikheid. Paulus dui bv. net na die gedeelte wat nou aangehaal is, weer die mens se verantwoordelikheid aan:

"Waarom kon hulle (Israel) nie die vrypraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. (Rom 9:32)

"Maar van Israel sê Hy: "Dag vir dag het Ek my hande uitgesteek na 'n ongehoorsame en weerspannige volk." (Rom 10:21)

Kan 'n mens dit verstaan dat God sy hande na mense kan uitsteek en hulle nie na Hom wil kom nie? Jesus het bv. ook van Jerusalem gesê:

"Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, maar julle wou nie!" (Matt 23:37)

Hoe hierdie geheimenis van God presies funksioneer sal geen mens seker ten volle verstaan nie. Hy as God, deur sy Heilige Gees, is ten volle verantwoordelik vir die geloof in die mens se hart, maar tog is die mens net so verantwoordelik om God hierin toe te laat, sodat niemand verontskuldiging voor die regterstoel van God sal hê nie.

Die voortgaande werk van die Gees van God

Die Heilige Gees se werk stop egter nie by die oortuiging van die mens om tot geloof te kom nie. In Jesus se gesprek met sy dissipels net voor sy kruisiging troos Hy hulle met die woorde:

"Ek sal die Vader vra, en Hy sal julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. ... Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. ... Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle." (Joh 14:16 20)

Net soos die Heilige Gees die bewerker van die geloof is, is Hy ook die een wat ons daaglik lei, ons dra, ons beskerm, ons Helper en Voorspraak is. Skielik is dit nie meer die mens wat belangrik is nie, nou is dit God wat die begin en die einde is. Hy het ons geskep. Deur Jesus se bloed het daar vir ons vryspraak by die Vader gekom en deur die werking van die Gees is ons nou herskep tot nuwe mense.

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wei aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." (Ef 2:8 10)

Opsommend

Die sonde, die opstand teen God, het so deel van die mens geword, dat hy nie meer uit homself in staat is om selfs die genadewerk van Jesus te aanvaar nie. Jesus het ons die Heilige Gees gestuur om die wêreld te oortuig van sonde.


"Dit is die Gees wat iemand lewend maak, die mens self kan dit nie doen nie." (Joh 6:63)

Die Heilige Gees is die een wat die mens oortuig van sy sonde, maar ook van Jesus as die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6). Hy is die een wat, vir die wat glo, troos en dra.

"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees." (Joh 14:16,17)

Ek glo Here... Kom my ongelof te hulp!

Die reaksie van die mens



'n Lewende geloof

"Maar die Here God het na die mens geroep en vir hpm gevra: "Waar is jy?" En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekrui." (Gen 3:9,10)

In die vorige gedeelte is die uitverkiesende genade van God bespreek. Daar is uit die Woord getoon hoe God, deur sy Heilige Gees, die bewerker van die geloof is. Tog is daar ook op gewys dat die mens se verantwoordelikheid nie daarmee opgehef is nie. Net soos wat Adam op God se roepstem moes antwoord, net so is dit elke mens se verantwoordelikheid om vandag nog te antwoord.

Waaruit bestaan die antwoord van die mens?

"Na 'n verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring. Abel het dit ook gedoen, van die eersteling uit sy kudde, van hulle vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, maar nie vir Kain en sy offer nie. Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk." (Gen 4:3 5)

As ons let na Kain en Abel se lewens is dit duidelik dat Kain nie geglo het nie. Van Abel word uitdruklik gesê dat hy van sy eersteling uit sy kudde geneem het en hul vet geoffer het. Die beste wat hy gehad het. Met Kain word daar geen soortgelyke aanduiding gegee nie. Intendeel, in Hebreërs staan daar:

"Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog." (Hebr 11:4)

Hier was twee broers, die eerste kinders op aarde. Ons kan aanvaar dat beide van hulle baie

na aan dieselfde opvoeding gehad het. Hul kennis van God was dieselfde, tog glo die een en die ander een glo nie. In die terme van die model wat tot nou bespreek is kan gesê word dat beide geweet het dat God die Skepper van die hemel en die aarde was, hul het beide die woorde van God eerstehands van hul ouers ontvang, hul ouers was vir hul altwee lief, intendeel, Eva was baie blyer oor Kain se geboorte as oor Abel s'n,

hul het beide geweet dat God nog toeganklik was deur sy beloftes aan Adam en Eva.

Al het Kain dieselfde kennis as Abel gehad, het hy steeds nie geglo nie. Hy het welliswaar die godsdienstige ritueel nagevolg en as hy vandag sou geleef het sou hy sekerlik ook in die kerk gewees het, maar hy het nie geglo nie. Die verskil tussen Abel en Kain was dat Abel die evangelie ten volle aangeneem het. Deur God se genade was daar 'n reaksie op God se roeping. Hy was bereid om sy beste te gee as offer. Geloof loop uit op daad. Jakobus sê:

"Wat help dit, my broers as iemand beweer dat hy glo, maar sy daad bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? ... 'n liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood." (Jak 2:14,26)

Dit is duidelik dat die saligmakende geloof in Jesus Christus uitloop op 'n antwoord op God se appél. Dit is nie net 'n passiewe kennis neem van God en sy beloftes nie. In die bekende hoofstuk in Hebreërs word die volgende voorbeelde gegee:

"Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou." (Hebr 11:6)

"Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang." (Hebr 11:8)

"Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan." (Hebr 11:17)

Geloof is dus om op God se roeping te reageer in gehoorsaamheid. Hierdie gedagte van gehoorsaamheid het Jesus ook telke male beklemtoon:

"Nie elkeen wat vir My sê: "Here, Here", sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is." (Matt 7:21)

"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry." (Matt 16:24,25)

"Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra." (Joh 15:1,2)

Om hierdie antwoord aan God, die vrug wat ons moet dra, duideliker te omskryf, kan dieselfde beeld gebruik word wat gebruik is om te toon wat God vir die mens gegee het om te kan glo. Waar die mens voor hy tot geloof gekom het net aan die "ontvang kant" van God se genade gestaan het, is hy nou, na die tyd, ook skielik een wat meehelp om hierdie genade aan ander uit te deel. Daar sal vervolgens kortliks na die verskillende hoofpunte en die mens se reaksie, sy vrug daarop, gekyk word.

Die mens voor die Here God

Wanneer die mens in sy sonde skielik besef dat hy naak en met leë hande voor God staan, wanneer hy besef dat God reeds vir sy skuld deur sy Seun, Jesus Christus betaal het, kan die mens nie anders as om sy sonde voor sy Skepper te bely nie. Dawid het in sy sondebef uitgeroep:

"Wees my genadig, o God, in u troue liefde,

wis my oortredinge uit in u groot barmhartigheid!

Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde!

Ja, my oortredinge ken ek en van my sonde bly ek bewus.

Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.

U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.

"Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het." (Ps 51:3 7)

Toe Petrus besef dat hy voor die Here staan na hulle op sy bevel soveel vis gevang het dat hulle dit beswaarlik kon hanteer het hy voor Jesus se knieë neergeval en gesê:

"Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens." (Luk 5:8)

Die volk Israel se reaksie by Horeb toe God sy wet vir hulle gegee was ook tekenend van die mens se sondigheid voor God.

"Die Here ons God het ons sy mag en sy grootheid laat sien, en ons het sy stem uit die vuur uit gehoor. Vandag het ons ondervind dat God met mense praat, en hulle bly lewe. Maar as ons weer die stem van ons God hoor, sal ons sterf, want hierdie groot vuur sal ons verteer." ... Toe die Here hoor wat julle vir my sê, het Hy vir my (Moses) gesê: "Ek het gehoor wat hierdie volk vir jou gesê het. Wat hulle gesê het, is goed. Mag hulle altyd soveel eerbied vir My hê en al my gebooe gehoorsaam sodat dit altyd goed kan gaan met hulle en hulle nageslag." (Deut 5:24 29)

Wanneer die mens hom verootmoedig voor God weet ons deur die Skrif dat God so'n mens nooit sal wegwys nie. Jesus nooi almal as Hy sê:

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig." (Matt 11:28 30)

Vandag is ons bevoorreg om terug te kan kyk op die ontvouing van God se heilsplan in Jesus Christus. Die volk by Horeb het dit egter vêr in die toekoms, asof in mis gehul, gesien. Paulus verwys ook na Israel wat by Horeb die wet ontvang het.

"Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word. Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie." (Gal 3:24,25)

Dan vervolg hy egter verder met 'n baie belangrike punt:

"Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, moet lewe soos mense wat aan Christus behoort." (Gal 3:26,27)

Dawid het ook geweet:

"U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God." (Ps 51:19)

Hoe sal ons ooit die heilswerk van God kan deurgrond? Wanneer 'n mens voor God in ootmoed kom staan gebeur daar iets. Die mens word nuut gebore, herskep, alles word nuut. Kyk net na die Skrif!

"Daarop sê Jesus vir hom (Nikodemus): "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." . "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees." " (Joh 3:3 6)

"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God." (I Kor 5:17)

Skielik aanbid ons nie meer 'n God wat daar vêr is nie, maar is ons kind van God. Ons is nou uit die Gees gebore.

"julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader." (Rom 8:15)

Hoe God hierdie dinge in die mens bewerk, die wedergeboorte en die bekering, dit verstaan ons maar min van, maar dit is ook nie belangrik nie. Jesus het self vir Nikodemus geantwoord op hierdie vraag:

"Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waarheen hy gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is." (Joh 3:8)

So vervul God male sonder tal sy belofte in Esegïel:

"Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggame uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom" (Es 36:26,27)

Saam met die verootmoediging van die mens is ook die gebed. Die Heidelbergse Kategismes dui gebed bv. aan as ons vernaamste deel van ons dankbaarheid wat ons aan Hom kan betoon vir sy reddingsdade. (Heidelbergse Kategismes, Sondag 45, vraag 116) Asaf het bv. Gesê:

"Lof is die offer wat jy aan God moet bring." (Ps 50:14)

God wil dit so hê dat ons in afhanklikheid na Hom moet kom. Hy is gesteld daarop omdat Hy weet dat die basiese sonde van die mens is om homself voor God te verhef. As die mens na God kom moet hy dus in volle afhanklikheid kom. Selfs ook wat die daaglikse behoeftes betref.

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal kry; klop en vir julle sal oopgemak word" (Matt 7:7)

"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee die Vader in die hemel nog meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra." (Luk 11:13)

Die noue gemeenskap met God deur die Heilige Gees word dus veral vertroetel en versterk in die gebed voor God. So bring ons lof aan God, so bid ons dat sy wil sal geskied en so vra ons Hom om ons na gees en liggaam te versorg. Let weer na die eenvoud, maar ook na die ontsettende diepte van die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het:

"Ons Vader wat in die hemel is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;

en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die bese. (Matt 6:9-13)

Die mens se antwoord op die hoop van die evangelie

Die evangelie het tot die mens in geloof gekom deurdat iemand dit aan hom verkondig het. Nou is hierdie mens self kind van God, 'n verteenwoordiger van Hom. Die opdrag van Jesus aan sy dissipels geld ook nou vir die gelowige van vandag.

"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word." (Mark 16:15,16)

Hierdie opdrag word egter onmiddellik opgevolg deur 'n belofte vir die wat in gehoorsaamheid God se opdrag uitvoer.

"Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle duiwels uitdruwe; in ander tale sal hulle praat; met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word." (Mark 16:17,18)

As ons in die boek Handelingte lees sien ons hoe al hierdie beloftes waar geword het vir die wat die evangelie verkondig het. Dink maar aan Petrus se toespraak op pinksterdag (Hand 2:8), die genesing van die verlamde deur Petrus en Johannes (Hand 3:6), God wat Paulus gebruik het om siekes gesond te maak en bese geeste uit te dryf (Hand 19:12) en die slang wat Paulus gepik het op Malta (Hand 28:5).

'n Mens wonder soms of ons as christene nie vandag baie soos die mense van Nasaret is en wat niks van Hom wou weet nie.

"Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie." (Matt 13:58)

Is ons bereid om alles te gee vir die verkondiging van die evangelie? Om self dit te doen en

deur ons dienswerk ander in staat te stel om dit voltyds te doen? Besef ons die belangrikheid van Jesaja en Paulus se woorde:

"Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring." (Rom 10:15, Jes 52: 7)

As gelowige, wat nou God se liefde vir die mens deelagtig geword het, word ons gedring om na ons medemens uit te reik en die evangelie met hom te deel. Om die goeie nuus ook vir hulle wat dit nog nie gehoor of dit nog nie aanvaar het, mee te deel.

Die mens in geloof se reaksie tot sy medemens

"Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik." (I Joh 4:10)

Die boodskap van Johannes is duidelik: God het ons in sy groot liefde na Hom getrek. Dit is sy wil en bedoeling dat ons, as sy verteenwoordigers, weer ander na Hom moet trek. Jesus is nie vandag in sy menslike gestalte hier op aarde nie. Ons is God se liggaam, sy gemeente. Ons moet nou sy liefde uitdra teenoor ons medemens. Hierdie gedagte word telkens herhaal in die Skrif. Jesus haal bv. uit Deut 19:17 aan as hy die wet opsom:

"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (Matt 22:39)

Die dissipels is deur Jesus vermaan:

"Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê." (Joh 15:12)

Petrus onderstreep ook die gedagte.

"Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveer lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê." (I Petr 1:22)

"Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser." (I Petr 2:17)

Die bekende hoofstuk 13 in I Korintiërs gee 'n treffende beeld van wat liefde is. Tog word die hoofstuk baie maklik vervlak en die liefde oppervlakkig gemaak as ons dit buite die konteks van die Skrif sou hanteer. Hoe baie word nie daardeur die indruk geskep dat die liefde so sagmoedig is, so geduldig en so vriendelik dat dit nie ook ferme optrede kan akkommodeer nie. In Skrifverband weet ons dat God liefde is en dat Hy weens sy liefde sy Seun gegee het as versoening vir ons sondes (Joh 3:16). Daarom kan ons I Kor 13 sien in die lig van Jesus se lewe op aarde. 'n Mens kan byna die woord "liefde" elke keer vervang met "Jesus". Skielik kry die hoofstuk 'n heel ander betekenis. Byvoorbeeld:

"Die liefde (Jesus) is geduldig, die liefde (Jesus) is vriendelik; ...

Dit (Jesus) verbly Hom nie oor die onreg nie maar verheug Hom oor die waarheid.

Dit (Jesus) bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles. (I Kor 13)

In die lig van Jesus se lewe kan ons sien hoedat die liefde nie sy eie belang soek nie, maar die belang van die Vader. Hy het sy lewe in gehoorsaamheid afgelê. Hy het Homself nooit voor of teenoor die mense verdedig nie, maar in al sy gesprekke, veral dié met die kerkleiers, het Hy nie geskroom om sy Vader se eer te verdedig nie. Jesus het Hom nie verbly oor die onreg nie, maar Hy het gebid vir hulle wat Hom oorgelewer het. Hy was hartseer oor Petrus se verraad maar Hy het vir sy dissipels gebid, hulle vermaan, hulle geleer en ook later, na sy opstanding, hulle weer bymekaar gebring en hulle opnuut uitgestuur as sy volgelinge. Die liefde van God is dus veel meer as net mooi woordjies en verdraagsaamheid. Dit lê die eie lewe af, dit vermaan, dit tug selfs, dit skenk vergifnis, dit bemoedig, dit help dra alles om God se eer te soek en sy Naam te verheerlik.

"My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou tereg wys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem. Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. ... Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hul goedgeskik getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons

in sy heiligheid mag deel." (Hebr 12:5 10)

Ons gaan vandag gebuk onder die invloed van die humanisme met hul goedkoop naasteliefde. Enige vorm van tug sou dan vanuit die borse wees. Die Skrif is egter baie duidelik dat die tug juis daar is om in God se heiligheid te mag deel. Liefde en tug loop hand aan hand. Liefde impliseer tog betrokkenheid by mekaar. Die Hebreër skrywer sê o.a.:

"Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie." (Hebr 3:13)

"Ons moenie van die samekoms van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien naderkom." (Hebr 10:25)

Hoe moet ons optree teenoor hulle wat buite die gemeente is? Ons het tog geen reg hul te vermaan nie? Nee. Hulle wat buite die gemeente is moet ons respekteer (I Petr 2:17). God se opdrag aan Israel was baie duidelik:

"Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal al die ander volke sien dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: "Net hierdie groot nasie het wysheid en insig." Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is elke keer as ons tot Hom bid?" (Deut 4:6,7)

Ons, as christene, se lewens is die venster vir die ongelowige om iets van God se genade en liefde te kan sien. Daarom is dit van kardinale belang dat ons lewens dit ook sal uitdra, dat hierdie persoonlike venster op God se genade nie deur sonde besoedel sal wees nie. Die wêreld daar buite lees nie die Bybel nie. Ons is die Bybel wat hulle lees. Petrus stel dit:

"Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening." (I Petr 2:12)

Die gelowige mens se reaksie teenoor die Bybel as die woord van God

"Dit moet julle veral weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." II Petr 1:21,22)

Wanneer die mens tot geloof in God gekom het, verander sy beskouing en die hantering van die Skrif ook soos handomkeer. Waar die Bybel voorheen slegs gesien was as miskien 'n boek wat sedelesse bevat met sekere voorgeskrewe rituele, of dalk 'n boek wat soos enige ander boek hanteer moet word, verander dit nou na 'n Boek wat die woorde van die lewende God bevat. 'n Boek wat ten volle vervat en vervul is in die Seun van God. Hoe het Jesus die Skrif hanteer? Matteus vertel o.a.

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan, as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is." (Matt 5:17,18)

Ons het in Genesis gelees dat God slegs deur 'n woord die hemel en die aarde gemaak het. Dit is dus duidelik dat God se woord meer en groter as selfs die hemel en die aarde is. Dit is ook waarom Jesus sê dat die hemel en die aarde eerder sal vergaan voordat sy Woord sal vergaan. Die belang van die Bybel is daarin God se woorde daarin vervat is. Daarin is God se skeppingsplan beskryf en word sy voortgaande instandhouding van die skepping vir ons duidelik gemaak. Maar dit is nog meer as dit. God se werk deur Jesus Christus word ook daarin geopenbaar.

"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie." (Joh 1:1 3)

Ja, Jesus Christus is die Volmaakte, die vervulling van God se woord. Daar is reeds verwys na die volk Israel wat by Horeb nie kon bly staan toe God met hulle gepraat het nie. Die Hebreërbrief verwys ook na hierdie gebeurtenis, maar dan toon hy dat ons nie nou by die brandende berg gekom het nie maar by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond (Hebr 12:18 24). Hy vervolg dan met die waarskuwing:

"Pas op, moet Hom wat met julle praat nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelik woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie?" (Hebr 12:25)

Die Bybel is dus 'n kragtige afbeelding van Jesus self wat uit die hemel met ons gepraat het. Hy, as God self, het mens geword en tussen die mense kom woon en werk. As ons hierdie dinge aanvaar moet ons ook toon dat ons onself geheel aan Hom onderwerp soos wat Hy Homself aan God onderwerp het.

Soos Jesus die gesag van die Skrif ten volle aanvaar het kan ons ook by Hom en by die apostels leer hoe om die Bybel te hanteer en te interpreteer. Hy het nie geskroom om gebeurtenisse van die Ou Testament direk op Homself van toepassing te maak. Neem maar Jona wat drie dae en nagte in die maag van 'n groot vis was. Jesus pas dit letterlik op Homself toe en sê dat Hy ook so in die aarde sal wees (Matt 12:40). Sy eie opstanding uit die dood word volgens Hom direk voorspel deur Jona se lewe.

Die koningin van die Suide het erken dat Salomo se God groot is (I Kon 10:9). Jesus was egter groter as Salomo en daarom sou die koningin teen hierdie geslag getuig wat nie wou glo nie. (Matt 12:42)

Hoekom kon Jesus dit doen? Het Hy nie die gedeeltes heel buite verband gebruik nie? Nee, want ons het reeds vir mekaar gesê dat God die skepper van alles en almal is. Ons weet ook dat Hy sy skepping onderhou en bestuur. Dit is dus 'n logiese gevolgtrekking dat Hy net daartoe in staat is nie, maar dat Hy dinge laat gebeur wat 'n geweldige simboliese les vir ons inhou. Dink maar aan die offerdiens wat ingestel is, Abraham wat vir Isak moes gaan offer en Israel se trek uit Egipte.

Die apostels hanteer die Skrif op dieselfde manier. Petrus bring die ark wat Noag en sy gesin deur die sondvloed gedra het direk in verband met die doop. (I Petr 3:21) Paulus vergelyk Hagar en Sara en hul kinders met die twee verbonde, Hagar vir die wettiese verbond waarin ons slawe was, terwyl Sara en haar kind vergelyk word met die nuwe verbond, die nuwe Jerusalem waarin ons kinders van God is en nie meer slawe nie (Gal 4:21-31).

Die gevaar van 'n enge "objektiewe" siening en verklaring van die Bybel is daarin dat ons Petrus se vermaning vergeet dat die Skrif nie uit eie insig reg uitgelê kan word nie (II Petr 1:20). Dat ons vergeet dat die Woord van God nog vandag met elkeen van ons praat. God het Homself as getrou bewys, Hy is die waarmaker van sy beloftes. Hierdie beloftes is vandag nog net so geldig en daarom mag ons nie ligtelik met die Bybel omgaan nie. Hy praat vandag nog deur die Skrif met elke mens.

As ons die Bybel opneem om dit te bestudeer moet dit altyd in 'n biddende gesindheid wees. Dat sy Gees self die woorde sal verduidelik en ons die geloof sal gee om daaraan vas te hou. Ons kan dit met vrymoedigheid doen. Daar is nie foute in die Skrif soos sommige wil voorgee nie. Welliswaar verstaan ons nie alles nie maar Paulus se opmerking bly ook vir die Bybel waar:

"Nou kyk ons nog in 'n dowwe speel en sien 'n raaiseagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken net soos God my ten volle ken. (I Kor 13:12)

Baie van die "foute" wat al aangetoon is, is mettertyd bewys as geen foute nie. Soos wat ons kennis en begrip van die mense van die ou tyd verbeter, verbeter ook ons begrip van in watter konteks dinge beskryf en geskryf is en maak dit skielik sin.

Kom ons verootmoedig ons ten volle voor God, soos wat Hy homself ook in die Skrif geopenbaar het, en kom ons aanvaar sy beloftes as ewig en waar, ook vir ons vandag.

Die gelowige mens se reaksie teenoor die skepping van God

"U het hom (die mens) net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis." (Ps 8:6-9)

Die mens wat tot geloof in God deur Jesus Christus gekom het se hele perspektief en benadering tot die skepping ondergaan 'n dramatiese verandering. Waar hy voorheen die skepping gesien het as moontlik sy god, of sommer net argeloos daarteen gestaan het,

verander dit nou in 'n besef dat God die mens in beheer van skepping geplaas het (Gen 1:28). 'n Geweldige verantwoordelikheid wat aan die mens gegee is!

Uit die geskiedenis van die wetenskap is daar al voorheen getoon watter belemmerende invloed dit op die wetenskap het as mense nie met die oortuiging dat God die Skepper van alles is, die natuur bestudeer nie. Plato en sy tydgenote se idee dat alles uit die menslike beredenering gebore moes word het die wêreld vir eeue verhinder om onbevange die natuur na te vors. Kant se stellings, wat weer na 'n ander uiterste geswaai het, en wat beweer het dat die mens niks meer kan weet as wat hy fisies kan beleef nie, het ook die wêreld se wetenskaplikes verhinder om gouer die tekortkominge van die oneindige heelalmodel raak te sien. Uit hierdie kortsigtigheid, om nie verby die skepping na die Skepper te kyk nie, is allerlei dwase teorieë gebore wat die mens weg van sy God probeer lei.

Die siening dat die mens aangestel is om oor God se skepping te heers, het op al die vlakke van die samelewing sy invloed. Die boer wat van sy lande se opbrengs afhanklik is, die myner wat grondstowwe uit die aarde delf, die industrialis wat die grondstowwe verwerk, die administratiewe persoon wat moet help om die organisasie se wiele geolie te hou, die student, die kind en ouer by die huis, almal moet besef dat hulle op een of ander manier God se skepping reg moet bestuur. 'n Eenvoudige daad soos om rommel te strooi kan nie tot God se eer wees nie. Die aarde en sy natuurlike hulpbronne moet nou uit hierdie perspektief met oorleg en oordeel benut word, en nie net vir die eie persoonlike rykdom en genot nie. Tog het God ook hierdie dinge tot die mens se beskikking gestel.

Daar is reeds aangedui dat die ganse heelal slegs daar is om die mens te kan onderhou. God het dit ook alles aan die mens gegee om daarvoor te heers en dit te benut. Toe Israel op die punt gestaan het om in die beloofde land in te trek het God vir hulle gesê:

"Jy moet die geboorte van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen. Jy moet Hom dien, want Hy sal jou in 'n goeie land bring: 'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in die valleie en berge ontspring, 'n land met koring en gars, wingerde, vyeboom en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning, 'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks kortkom nie, 'n land waarin daar volop yster in die klippe is en waar jy kan koper delf in die berge." (Deut 8:6-9)

Opsommend

God het dit so beskik dat die hele milieu waarin die mens beweeg moet meehelp om aan die mens te toon dat Hy getrou is. Hy het alles vir die mens voorsien om die mens tot saligheid te bring. Wanneer die mens sy God in Jesus Christus aanvaar, word hy herstel in sy posisie as God se verteenwoordiger. Soos Genesis dit stel:

"Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep." (Gen 1:26,27)

Jesus het egter die opdrag van die mens uitgebrei om ook ander mense tot geloof in Hom te bring.

"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom." (Mark 16:15)

Nou, na die werk van Christus, is die mens vir die eerste keer in staat om dit te kan doen. Kom ons doen dit met volharding en tot die eer van ons Hemelse Vader, wie se liefde vir die mens, vir ons, onmeetlik groot is.

Ek glo Here... Kom my ongeloof te hulp!

BIBLIOGRAFIE

- Anderson S, Peacock A, 1987; Evolution and creation. A European perspective. Denmark: Aarhus University Press, 1987; 215 p.
- Block David L, 1992. Our universe: Accident or design? Sandton: Starwatch; 40 p.
- Cameron Nigel M de S, 1983. Evolution and the authority of the Bible. Exeter UK: The Paternoster Press, 123 p.
- De Villiers Pierre, 1992; Die Bybel en die wetenskap (Oudiokassette)
- Elliot Alfred M, 1968. Zoology. Fourth edition. New York: Appleton- Century—Crofts, p 799.
- Frankl Viktor E, 1982. Sê ja vir die lewe. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 116 p.
- Geisler Norman L, Anderson J Kerby, 1987. Origin Science. A proposal for the Creation — Evolution Controversy. Michigan: Baker Book House, 198 p.
- Johnson Micheal R. Genesis, geology and catastrophism. A critique of creationist science and Biblical literalism. Exeter: The Paternoster Press, 172 p.
- Keller Werner, 1982. Die Bybel is tog reg. Pretoria: Human en Rousseau Uitgewers (edms.) Bpk., 327 p.
- Morris Henry M, 1963; The Twilight of Evolution. Michigan: Baker Book House, 103 p
- National Aeronautics and Space Administration (NASA) webwerf vir die "Wilkinson Microwave Anisotropy Probe" (WMAP) resultate: http://map.gsfc.nasa.gov/universe/uni_age.html. 2010
- Potgieter D J, Du Plessis P C, Skaife S H, 1971. Animal life in Southern Africa. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk, p 469
- Ross Hugh, 1991; The fingerprint of God. Second edition. Orange, California, 233 p.
- Sagan Carl, 1984; Cosmos. The story of cosmic evolution, science and civilisation. London: Futura publications, 413p.
- Shute Evan, 1980; Flaws in theory of evolution. New Jersey: Craig Press, 286 p.